# *Werke Is Die Uitdrukking Van Geloof*

Dankie. Goed om weer hier te wees, vanaand. Ek weet nie hoe hulle ooit uitgevind het ek gaan vir die siekes bid nie. Almal het ingekom om voor gebid te word. Julle weet, ek glo as jy die leiding van die Gees volg, is dit goed. Dis die beste, dis 'n Boodskap wat nooit faal nie.

2 Nou, ek het vandag in die kamer gesit, nadat...'n sekere prediker wat net so na aan my hart is (drie van hulle), drie van my baie goeie vriende, hulle het vir my gesê hulle sou kom om saam met my middagete te gaan eet. En ek het gedink: "Wel, dis net gaaf," julle weet.

3 So ek—ek het net 'n klein stukkie ontbyt geëet, want ek was seker hulle sou daarvoor betaal, julle sien, en ek...sou 'n goeie vol middagete eet. So 12:00 het gekom, en 1:00 het gekom, en 2:00 het gekom, nog niemand daar nie. So daar was...die polisie het 'n misdadiger gejaag, daar onder in die erf, en so het ek afgegaan om daardie episode te sien. Ek kon glad nie vir Broer Jack vind nie. So, ek het uitgevind, die hotelman het vir hom die verkeerde nommer gegee; en hy het die verkeerde deur gelui, die heeltyd, waar ek—ek nie was nie. Ek sal hom weer vir my een laat betaal, tog, een of ander tyd. Hy en Broer Tracey, ek was baie bly om vir hulle en Broer Brown weer vanaand te sien. Dit lyk net asof ons weer in Arizona moet ingaan.

4 Ek kan onthou, op pad deur die woestyn, nou die dag. Ek het vir my vrou vertel, daaragter, ek het gesê: "Hier's waar Broer Jack agter in sy klein Chevrolet gesit het." Hy en Broer Brown het gestry oor alles van die—die oorspronklike skepping, of dit gedoen is in ses dae, óf of dit gedoen is in ses miljoen. Dit was 'n goeie een.

5 Hulle het so aan die stry geraak, hulle het uitgeklim en 'n hand vol klippe gekry, en een het agter een paal ingegaan, en een 'n ander een, en het klippe gegooi na mekaar net so hard as hulle kon. Hulle kon dit nie so beslis nie, sê: "Ek kan vinniger hardloop as jy." Af met die pad het hulle gegaan; Broer Jack, 'n kort kêreltjie, net so hard as hy kon swaai; en Broer Young met daardie lang bene, julle weet. Ek het nooit soveel gelag in my lewe nie!

6 Toe, het Broer Jack weer in die motor geklim en sy skoene uitgetrek. Broer Sharritt het vir ons 'n groot sak lemoene gegee, en hy het hulle halfpad opgeëet voordat ons by Shreveport gekom het.

7 Julle weet, tóg is hulle goue dae. Ja, meneer, hulle is goue dae. Ek weet dit klink grapperig, snaaks, maar dis die waarheid. Maar ons. . .daar's iets omtrent dit, soos jy ouer word en begin om te draal in jou gemoed. Jy dink aan daardie dae wat jy wens jy weer kon gelewe het, dis reg, ons jonger dae. En soos ons oud word, word hulle almal prentjies. Ek is so bly dit was skoon en heilig, en broederlike gemeenskap, in liefde. In die wete dat ons na 'n land gaan waar ons nooit sal oud word nie, waar. . .daardie groot Land, oorkant, waar ons nooit, nooit oud sal word, of nooit sterf nie.

8 Een van ons kosbare broers, so dierbaar vir ons almal, hy het pas oorgegaan in daardie Land. En elke keer wat ek na hierdie platvorm kom, reken ek—ek, sal ek aan Broer Lyle dink. Ek het oorkant gekyk gisteraand, en klein Judy daar sien sit. En my hart het net hard geklop, ek het gedink aan hoe sy gevoel het. En ek weet toe pa dood is, hoe. . .Maar ons moet net deur daardie skole van lyding gaan om te weet hoe die ander kêrel voel.

9 Ek dink ek kyk na 'n ou predikervriend wat hier sit. Ek kan hom net nie plaas nie. Is dit reg? Jy het altyd vir die siekes hier gebid, die heeltyd, jare gelede? Gerholtzer, daardie—daardie Duitse naam, ek—ek kon dit net nooit net reg optel nie. Broer Tracey het hom daarbuite ontmoet. En ek het hom omtrent tien jaar geken, en ek het gesê: "Jy het nie ses maande ouer geword in daardie tien jaar nie." Ons woon almal in 'n wêreld wat eendag moet ophou.

10 Nou, vanaand, was ek. . .Het julle baie laat gehou, gisteraand, ek gaan probeer om dit nie vanaand te doen nie. My storie te voltooi; ek het gedink aan, vanaand, te preek oor 'n—'n onderwerp van die *Wegraping*, aan die kerk. Hoe die toestande, soos ek dit in die Skrif sien, in watter toestande die Kerk sal moet wees vir die Wegraping, en wat sal gebeur net voor die Wegraping plaasvind, en hoe dit sal plaasvind. En ons glo almal in die Wegraping, dan nie? Ons glo Daarin. En dan, meteens, het Iets net gesê: "Bid vir die siekes, vanaand." En ek het net middagete geëet saam met 'n Mexikaanse broertjie daar, ek het gegaan en hom opgelaai op die straat. Ek reken hy's hier vanaand, hy en sy vrou.

11 En toe het iemand gekom, en vir my 'n getuienis gegee. Gesê: "As. . .Op die kerkgronde," het sy gesê: "is daar 'n man daar met. . .ek reken dit was omtrent 'n jaar gelede, dat hy in die onderskeidingslyn ingekom het." En ek het gedink, vanaand, om net 'n outydse gebedslyn te hê, soos Broer Jack en Broer. . .

12 Broer Young Brown het altyd die gebedskaarte vir my uitgegee. En ek het hom baie eerlik gevind en het hom nooit gevang 'n kaart verkoop of enigiets verkeerds doen nie, hy's

baie eerlik. En ons het hulle gevang dit probeer doen, julle weet. So—so ons. . .Broer Young, hy was reg op sy pos die heeltyd, en baie getrou. En ek onthou, hy het altyd gestaan en kaarte opneem, en hulle deur die lyn bring. Ek sou vir hulle bid en ons sou voortgaan, net daardie onvervalste geloof wat daardie mense gehad het, as hulle net naby jou kon kom, sou hulle genees word. En ek dink daar was twintig genesings teenoor die een, teenoor wat ons nou het.

13 Toe, hierdie storie het ingekom vanmiddag, oor 'n man, hy's waarskynlik nou hier. Dat hy in 'n gebedslyn was, 'n jaar gelede, iewers, en—en hy het gehad. . .gesê, in die onderskeiding is vir hom vertel dat hy pampoentjies gehad het. En die dokter het vir hom gesê, nadat die pampoentjies gesak het, dat hy nooit 'n babadogtertjie kon hê nie, en hy wou altyd een hê. Ek dink hy het 'n seun gehad. Maar in die gesig van die Here, het dit hom vertel: "Maar jy gaan daardie babadogtertjie hê."

14 En hy het gesê hy het die dogtertjie hier vanaand. Ek ken nie die man nie, mag. . .sou—sou hy in die gehoor wees, of die—die persoon waarvan ek praat? Iewers? Ek weet nie, iemand het my net daarvan vertel, buitekant. O, hier's die baba wat net—net hierbinne hang, wat net daarbuite sit. Dis gaaf. Dis baie gaaf. Wat 'n dierbare dingetjie. Dit was nie so ver om te loop oor almal om. . .baie oulike, babatjie, ek sal haar hiernatoe laat kom en die getuienis gee. Miskien sal sy teen môre, of een of ander tyd wanneer ons ons dienste hou.

15 Nou, môre—oggend is die Sakemanne se Ontbyt. Het julle dit al aangekondig?. . .?. . .Dis goed.

16 En nou laat ons 'n klein—klein lessie oor Goddelike genesing hê. Hoeveel glo daarin? O, goeiste, gaan 'n wonderlike aand wees, wanneer julle sulke geloof het. Mense wat dit glo, dis wat dit neem. Dis vir die gelowiges.

17 Nou, toe, ek het vir my 'n potlood gekry, en 'n teks neergeskryf ensovoorts, en die. . .en toe het Billy aan die deur geklop en gesê: "Pappa?"

18 Ek het gesê: "Wag net 'n oomblikkie, ek is nog nie klaar nie."

19 Hy het gesê: "Maar, Broer Jack wag vir jou." So, ek—ek moes opkom. Ek het vasgesteek, het geen papierspeld gehad nie, ek het een van Meda se "johnny spelde" gekry, of een of ander soort speld hier wat hulle "bobby speld" noem. Dis wat dit was: "bobby speld," net sekere soort speld. En—en ek weet nie veel van daardie dinge nie, julle weet, en ek het dit net daar sien lê. So, nou om 'n papierspeld te maak hier, om te skei wat ek was. . .waarvoor ek 'n paar notas gehad het in die oggend; hulle te skei, een van die ander een.

20 En soos jy ouer word. . .dit was net altyd dat ek daardie Skrifte en dinge net so maklik kon onthou. Maar, julle weet, soort van moeilik om te doen. Vind jy al daardie probleem, Broer Jack? Dis reg, ja. Ek het vir Broer Jack gesê, hier nie lank gelede nie, ek het gesê: “Jy weet, Broer Jack,” het ek gesê: “ek raak so dat ek nie kan onthou nie.” Ek het gesê: “Ek begin iets sê, en ek moet wag.”

Hy het gesê: “Is—is dit maar net hoe ver jy is?”

En ek het gesê: “Wel, is dit nie ver genoeg nie?”

21 Hy het gesê: “Nee.” Gesê: “Ek bel net iemand op die telefoon en sê: ‘Wat wou jy hê?’” Ek het gedink jy maak net ’n grap met my toe, Broer Jack, ek het uitgevind dis baie waar.

22 Ja, meneer. Goeiste, hoe jy vergeet. Maar laat ons al ons dade reggedoen hê, want hulle is in ’n boek, ’n rekord wat gespeel gaan word by die dag van die oordeel.

23 Nou, ons is soos een groot familie. En ek veronderstel ons is verbind vanaand, oor die land, soos ek my boodskap gisteraand gepreek het. Ek dink dis miskien net die plaaslike gemeente hier. So, gisteraand, ek waardeer julle hoflikheid om te staan baie. . .Ek probeer nie. . .Ek het nie probeer munt slaan uit Broer Jack nie. Maar hy het altyd vir my gesê: “Sê wat jy wil.” En so het ek net hiernatoe gekom. . .die platvorm en preek ’n bietjie doktriene. Maar. . .so net ’n. . .ek reken dis net. . .party van my denominasionele broers.

24 Ek het ’n droom gehad, nou die oggend. Ek droom nie baie nie, ek’s nie ’n dromer nie. Maar ek—ek het gedroom dat ek ’n man gesien het, ’n jongkêrel in boeie, waaruit hy probeer kom het, en ek het gesê. . .Iemand het vir my gesê, het gesê: “Daardie is verskriklike mense, moet niks met hulle te doen hê nie.”

25 En ek het hierdie jongkêrel uit sy boeie sien kom, so ek het hom net alleen gelaat. Ek het gedink: “Ek sal net kyk wat hy maak.” So hy het uitgekom, en hy was ’n goeie kêrel. En ek het andere gesien wat probeer uitkom.

26 Nou, hierdie is net ’n droom. En ek het na hierdie kant toe geloop, en ’n—’n broer gesien, Roy Borders, ’n baie goeie vriend van my, woon in Kalifornië. Gelyk asof daar iets verkeerd is, sy oë was half toe, en yslike groot. . .miskien kanker of iets oor sy oë. En ek. . .iemand het my probeer wegtrek van hom. Ek het geskree: “Broer Borders! In die Naam van die Here Jesus, kom uit dit uit!”

27 En hy kon net kwalik praat, gesê: “Broer Branham, dit sal iets meer as hierdie moet neem. Ek kan dit net nie begryp nie, Broer Branham. Ek kan dit net nie begryp nie.”

28 Ek het gesê: “O Broer Borders.” Ek het hom lief.

29 En iemand het my weggetrek, en ek het gekyk, en dit was 'n dame wat hier oorkant gestaan het. Die. . .toe ek 'n seuntjie was, het ek—ek altyd kruideniersware van die kruidenierswinkel na die mense toe vervoer. En haar naam was Mev. Fenton, sy woon nog in Jeffersonville, 'n persoonlike vriendin van my en my vrou.

30 En sy het gesê: "Broer Branham, verlos ons hiervan." Gesê: "Hierdie is 'n huis van die hel." En gesê: "Jy is misverstaan." En gesê: "Hierdie. . .En jy—jy het hierdie mense ook verkeerd verstaan." Gesê: "Hierdie is gawe mense, maar. . ." En ek het soontoe gekyk, en soos 'n yslike groot kelder, of—of groot mure, af onder 'n yslike groot grot; en groot ystertralies, agt of tien duim dik. En mense, van hulle verstand af, gedraaide arms en bene, wat hulle kop stamp soos *dit*. En sy het gehuil, gesê: "Verlos die mense, Broer Branham." Gesê—gesê: "Help ons, ons is in die moeilikheid." Sy self, ek ken haar, sy behoort aan die. . .ek dink die Kerk van Christus, of die Christenkerk, wat Kerk van die Broeders genoem word. So sy. . .

31 Ek het omgekyk, en ek het gesê: "Ek wens ek kon." En voortgegaan, omgekyk; en ek. . .my klein, klein liggaampie en—en daardie yslike, groot ystertralies. En daardie arme mense daarbinne. En jy kon nie by hulle kom nie, daardie ystertralies was na aan mekaar. En ek het gekyk, en hulle het hulle kop gestamp asof hulle van hulle verstand af was.

32 En ek het 'n paar ligte daarrond sien flikker. En ek het opgekyk, en daar het die Here Jesus gestaan met 'n—'n—'n ligte van die reënboog om Hom. Hy het reguit na my gekyk, gesê: "Verlos daardie mense." En Hy het weggegaan.

33 En ek het gedink: "Wel, hoe kan ek hulle verlos? Ek—ek het nie genoeg krag in my arms om daardie tralies te breek nie."

34 So ek het gesê: "Huis van die hel, gee pad vir die Naam van Jesus Christus."

35 En al die gekraak en geknal, en die—die rotse wat rol; en—en tralies wat val; en mense wat hardloop, en skree: "Verlos!" En skree so hard as hulle kan, en was almal verlos.

36 En toe het ek geskree: "Broer Roy Borders, waar is jy? Waar is jy? God verlos Sy mense! Waar is jy, Broer Borders?" Ek het daaroor gewonder.

37 Julle weet, Broer Borders is baie bang. Julle ken die profesie, almal. . .baie van julle ken dit, julle neem bande ensovoorts, oor die Weskus.

38 Daar is 'n man wat net hier sit, vanaand, wat daar was toe dit gebeur het (toe ons daar gestaan het, op 'n jagtog), 'n prediker wat ingeluister het gisteraand. Met 'n verblinde oog, het hy net soontoe gekom, en hy het gesê. . .homself bekendgestel. Hy het 'n donkerbril opgehad, bo in die berg. Hy

het gesê: “Broer Branham,” gesê: “ek’s Broer McHughes.” Hy het gesê: “Ek—ek het eenkeer een van jou dienste help borg, in Kalifornië.

39 Ek het gesê: “Ek is bly om jou te ontmoet, Broer McHughes.”

40 So daar was omtrent twintig mans wat daar gestaan het. Ons was uit aan die javelinavark jag. En ek het gesê, die dag voor ons teen die berg opgegaan het, het ek vir Broer Banks Wood gesê. . .Julle almal ken hom, ’n persoonlike vriend. Ek het gesê: “Broer Wood,. . .” ’n Klip opgetel en dit in die lug ingegooi, en dit het afgekom. En ek het gesê: “SO SPREEK DIE HERE: Iets gaan gebeur.’”

41 So, hy het gesê: “Wat is dit, Broer Branham?”

42 Ek het gesê: “Ek weet nie, maar binne vier—en—twintig uur sal jy sien. Iets gaan gebeur. Dis ’n groot teken.”

43 En die volgende dag. . .dit was een laat middag. Die volgende dag, omtrent tienuur, was ons gereed om te vertrek. Almal het hulle javelinavarke gehad, en ons het daar gestaan. En Broer Mac Knelly, julle weet, en almal van hulle, hulle het hulle voorberei, en—en ek en Broer Borders; en Broer Roy Roberson, ’n kreupel veteraan, ’n baie dierbare, kosbare vriend van my, en hy het daar gestaan. En ek het opgekyk, en Broer McHughes het gesê: “Broer Branham, verskyn die Engel van die Here ooit aan jou wanneer jy op een van hierdie jagtogte is?”

44 Ek het gesê: “Broer McHughes, ja. Dis reg. Maar, ek kom hier buitentoe om soort van te rus.”

45 Hy het gesê: “Goed, Broer Branham,” gesê: “ek het nie bedoel om jou te steur nie.”

46 Ek het gesê: “Jy het my nie gesteur nie.”

47 En ek het net omgekyk, en ’n dokter na sy oog sien kyk. Nou, ek het hom nie geken nie, hy het ’n donkerbril opgehad, wat dis baie helder en sonnig in Arizona. En ek het daarna gekyk, en ek het ’n dokter vir hom sien sê, sê: “Meneer, ek het daardie oog vir jare gedokter, twee jaar, so—iets.” Gesê: “Die allergie wat jy in jou oog het, jy gaan jou oog verloor. Dit vreet terug in die sig in, en daar’s geen manier wat ek dit kan stop nie.”

48 En ek het gesê: “Hoekom jy dit vir my vra, is as gevolg van jou oog. Daardie sonbril is net omdat jy ’n slegte oog het.”

49 Hy het gesê: “Dis reg.”

50 Ek het gesê: “Jou dokter,” (hom beskryf) “hy het vir jou gesê, ’n paar dae gelede, dat jy gaan daardie oog verloor, omdat die—die allergie in die sig van die oog invreet.’ En hy het dit vir ’n paar jaar gedokter, en hy kan dit nie stop nie.”

51 Hy het gesê: “Broer Branham, dis die waarheid.”

52 En ek het begin omdraai en kyk, en ek het ’n—’n vrou gesien, baie ouer as hy, soort van ’n donker gelaat. Hulle is oorspronklik van hierbo iewers in Arkansas. En so het sy haar—haar—haar romp opgelig en haar been aan haar seun gewys, en sy het gesê: “Seun, as jy Broer Branham sien, vertel vir hom om vir my voete te bid.” En het lang gewasse gehad wat gehang het tussen haar tone en dinge.

53 Ek het gesê: “Jou moeder is ’n gryskopvrou, en sy het haar romp opgelig, haar—haar kous teruggetrek en vir jou haar voete gewys, en gesê as jy my sien, om jou te vertel om vir haar te bid.”

54 En hy het gesê: “O, genade.”

55 Ek het omgekyk en hom daar sien staan sonder ’n bril op, visioen, ek het gesê: “SO SPREEK DIE HERE, God het jou oog genees, en genees jou moeder ook.”

56 Omtrent daardie tyd, het ek omgedraai. . .Nou, daar’s manne wat hier sit, wat daar gestaan het. Ek het gesê aan Broer Roy Borders. . .of Broer Roy Roberson, my hand op sy skouer gesit, want hy’s ’n veteraan, ek het gesê: “Broer Roy, gaan onder iets in, baie vinnig, iets gaan gebeur.”

57 Hy het gesê: “Wat bedoel jy, Broer Branham?”

58 Ek het gesê: “Moenie praat nie! Gaan onder iets in, vinnig!” En ek het gedraai en ’n graaf opgetel, daar aan die kant van die plek, en weggeloop van hulle af, want ek het geweet dit sou kom waar ek was.

59 Reg langs ’n groot canyon, agt of tien keer hoër as hierdie gebou, dis ’n “boks” canyon; soos ’n vuur wat afkom uit die Hemele, soos ’n warrelwind, net ’n paar voet bokant waar ons gestaan het. En die rotse reg uit die berg geskeur, uitgegaan deur en die toppe van die mesquitebome afgesny, vir ’n honderd jaarts buitentoe. Almal wat hardloop, en onder trokke en enigiets anders probeer inkruip. Dit het weer opgegaan en geklap soos ’n groot donderweer. Weer in die lug opgegaan, en weer afgekom. En dit drie keer gedoen. En toe dit alles verby was, het hulle oorgekom en gevra: “Wat het dit beteken?”

60 Ek het gesê: “Ek wil julle sê, dit was ’n oordeelsteken. Binne ’n paar dae, gaan ’n groot aardbewing die Weste tref. En dit sal nie stop nie. Kalifornië, Los Angeles sal sink. Dit gaan onder. Sy sal reguit in die oseaan ingly.” En twee dae daarna, het die Alaska aardbewing Alaska geskud.

61 En toe, die laaste diens wat ek gehad het in Kalifornië, terwyl ek gepreek het, en het nie geweet dat iets gebeur het totdat ek in die straat gekom het nie, het Dit vir Kalifornië vertel, gesê—gesê: “Kapernaum, Kapernaum, die stad wat genoem word by die naam van die engele,” (dis Los Angeles)

"jy het jouself verhef na die hemel, maar jy sal afgebring word na die hel. Want as die magtige werke in Sodom gedoen is, wat in jou gedoen is, sou dit tot hierdie dag gestaan het."

62 Nou, die laaste paar dae, die groot gebrul en geknal. Toe, hier kom 'n wetenskaplike koerant uit, gesê: "Dis heeltemal soos heuningkoek, dit moet ondergaan." Hulle weet dit net.

63 En julle hou dop, die water sal reg opkom in die Salton See. Los Angeles is verdoem tot oordeel. Ek sê julle voor dit gebeur het, dat julle mag weet as dit gebeur. Ek het dit nooit self gesê nie. En ek het Hom nooit vir my een ding hoor sê, behalwe wat gebeur het nie. En julle kan getuig daarvan. Dis reg. Wanneer? Ek weet nie.

64 Ek het uitgegaan, en hulle het vir my vertel wat ek gesê het. En ek het geluister, teruggegaan en die Skrif deursoek. Julle weet, Jesus het gesê, amper in daardie selfde woorde, oor Kapernaum; en Sodom en Gommora was—was toé op die bodem van die Dooie See, reken ek. En later, omtrent 'n honderd jaar later, het Kapernaum in die see ingegly, en dis in die see. Dieselfde God wat Sodom in die see laat beland het vir sy sondes, dieselfde God wat Kapernaum in die see laat beland het vir sy sondes, dieselfde God sal Los Angeles in die see laat beland vir sy sondes, daardie stad van—van korrupsie.

65 Broer Roy Borders is tot die dood toe bang. Ek weet nie wat om te . . . wat dit dit beteken het, of wat nie. Ek weet nie.

Laat ons bid:

66 Here, dis so goed om te getuig aan ware luisteraars. Ons glo U, Here, help ons ongeloof. En ons besef dat ons reg met die pad afgaan nou, na die einde van die wêreld. Net watter tyd, weet ons nie. Maar daardie geheime wegraap van die Bruid; een van hierdie dae, Here, sal ons—sal ons weggeraap word, weggevoer saam met Hom. En ons wag vir daardie dag. Berei ons harte voor, Here.

67 Daar's baie, kyk, wat hier lê op hierdie beddens en draagbare, mans en vroue wat gebind is deur die vyand. Daar's mense wat daarbuite sit, miskien, as U hulle nie aanraak nie, sal hulle sterf aan 'n hartaanval. Miskien is party van hulle gevreet deur kanker.

68 En Vader, U ken die hart van elke mens. U weet of dit opreg is of nie opreg nie. En ons sê hierdie dinge omdat ons weet wat U gedoen het, U krag het soveel verlos. Ons is getuies daarvan, hoewel hulle ons probeer vertel dat "daardie dinge nie gebeur nie." Maar dit gebeur, Here. Ons is getuies.

69 Ek bid vanaand, Here, dat U op een of ander manier geloof in hierdie mense se harte sal bou, dat elkeen van hulle verlos sal word, al hierdie siek en beproefde mense. Mag dit so eenvoudig wees, Here, laat ons net, soos ons probeer om die

Woord te onderrig. Laat die Heilige Gees my foute neem, Here, en hulle korrigeer in die harte van die mense. En maak dit 'n ware, ware aand dat die. . .dat Hy Homself kan inbed in die hart van elke gelowige hier. Ons stel hierdie aand vir daardie doel, Here. Mag diegene wat nie gered is nie, bo alle dinge, gereed wees; nou gereedmaak, terwyl die deure van Genade steeds oop is. Ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

70 Nou gaan ons blaai na die Skrifte, om mee te begin, en in. . .

71 Iemand het 'n—'n nota hier op die lessenaar gelê, en gesê hulle "het 'n offerhande opgeneem," vir my vanaand. Dit was nie nodig nie, moet dit nie doen nie. Ek kan dit nie terugneem nie. Ek onthou eenkeer, in Calgary, Kanada, het hulle opgeneem 'n. . .was hierdie offerhande opgeneem. Broer Jack het my probeer vertel. . .My vrou, wat daar agter sit; sy, die kinders het 'n ou twee kamertjies gehad waarin ons gewoon het, en sy het 'n kombers in die deur gesit om die—die deur toe te hou sodat die kinders nie longontsteking sou kry nie. En sy het gesê. . .Hy het vir my gesê, gesê: "Broer Branham, dis nie regverdig om haar so te behandel nie." So, julle onthou die geval. Hulle het dit opgeneem, ek vergeet hoeveel duisend dollars.

72 En ek het gesê: "O, neem dit terug, Broer Jack."

73 Hy het gesê: "Nou, hoe gaan ons dit doen?" So, ek het die plek gekoop, en dis daar. So, tot die heerlikheid en eer van God. Ons het dit vir 'n paar jaar gehou, ek en die vrou, as 'n geskenk van die kerk aan die mense.

74 En toe het ek gedink: "Dit klink nie reg nie. Ek het niks in hierdie wêreld ingebring nie, dit is seker dat ek niks gaan uitneem nie." So ek het omgedraai en dit oorgedra, en die akte oorgedra na die tabernakel. Dat, wanneer ek klaar is, wel, sal 'n ander dienaar van God, as daar 'n môre is, dit dan gebruik. Sien? So, baie dankie, vriende. God seën julle, daarvoor.

75 Nou, in Jakobus, die Boek van Jakobus, die 2de hoofstuk. Ons wil lees, vanaf die 21ste vers.

76 En nou, ek het net omtrent. . .'n Klein rukkie om te onderrig, en dan sal ons begin bid vir die siekes net so vinnig as wat ons kan, en net soveel mense deur hierdie gebedslyn kry as wat ons moontlik kan. En laat ons, ook, ook onthou. . .Ek wil nie vir Suster Anna Jeane en Broer Don en hulle, vergeet nie, ek dink hulle is oorkant in Thailand iewers. Is hulle nie? Na waar? Bangkok, en—en die sendingvelde. Daar's soveel dinge waaraan jy dink in die dag, wat jy wil noem voor die mense. Dan wanneer jy hier kom, kan jy—jy nie daaraan dink nie, jy fokus reg af op daardie les.

77 En nou, in Jakobus hier, die 2de hoofstuk. En ons gaan begin by die 21ste vers van die 2de hoofstuk van Jakobus, en 'n—'n deel Daarvan lees. Die 21ste vers van die 2de hoofstuk:

> *Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op 'n. . .die altaar geoffer het nie?*
>
> Sien *jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke?*
>
> *En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem.*

78 Nou, my onderwerp vanaand. . .En hou julle Bybels nou, want ek het verskeie Skrifte hier neergeskryf. As ons nie te lank raak nie, sal ek na baie van hulle verwys. My onderwerp is: *Werke Is Die Uitdrukking Van Geloof*. Nou, onthou: *Werke Is Die Uitdrukking Van Geloof*. Werke wys dat geloof alreeds posgevat het, sien. Sien? Nou, ons kies hierdie, want ons. . .Ek reken dat dit ons mag help verstaan. Nou luister baie aandagtig, en ons sal daarop ingaan soos 'n Sondagskoolles.

79 Hier gee Jakobus uitdrukking in sy onderrigting, vanaf Génesis 22:1-9, wat die *mens* in Abraham gesien het.

80 Laat ons net teruggaan, ek het die Skrifte soort uitgemerk hier. In Génesis, die 22ste hoofstuk, en die 1ste tot die 9de vers:

> *Na hierdie dinge het God Abraham op die proef gestel en aan hom gesê:* Abram. . .*Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!*
>
> *Toe sê Hy: Neem jou seun, jou enigste, wat jy liefhet, Isak, en gaan na die land Moría, en offer hom. . .as brandoffer op een van die berge, wat Ek jou sal aanwys.*

Sien, Hy het hom nie eens vertel watter een dit was nie. Jy gaan net voort wanneer God spreek, jy beweeg voort. Sien?

> *Daarop het Abraham die môre vroeg klaargemaak en sy esel opgesaal en twee van sy dienaars en sy seun Isak saam met hom geneem; en hy het hout gekloof vir 'n brandoffer en die plek* binnegegaan. . .*wat God hom* gewys. . .*aangewys het.*
>
> En *op die derde dag toe slaan Abraham sy oë op en sien die plek van ver af.*
>
> *En Abraham sê aan sy dienaars: Bly julle hier met die esel; ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.*

81 Nou, hy het nou in sy gedagte gehad, hy gaan sy seun doodmaak, want God het hom gesê om dit te doen. Maar kyk na die Skrif hier:

> *. . .ek en die seun wil daarheen gaan om te aanbid en dan na julle terugkom.* (hy *en* die seun)

*En Abraham het die hout vir die brandoffer geneem en dit op sy seun Isak gesit, en die vuur en die mes in sy hand geneem. So het* hulle altwee. . .*twee dan saam geloop.*

*Toe spreek Isak met sy vader Abraham en sê: My vader! En hy antwoord: Hier is ek, my seun! En hy sê: Hier is die vuur en die hout, maar waar is die lam vir 'n brandoffer?*

*En Abraham antwoord: God sal vir Homself die lam vir 'n brandoffer voorsien, my seun. So het hulle twee dan saam geloop.*

*Toe hulle kom op die plek wat God hom aangewys het, het Abraham daar die altaar gebou en die hout reggelê; daarna het hy* sy seun *gebind. . .sy seun Isak gebind en hom op die altaar bo—op die hout gesit.*

*Toe steek Abraham sy hand uit en neem die mes om sy seun te slag.*

*Maar die Engel van die* HERE *het na hom van die hemel af geroep en gesê: Abraham! Abraham! En hy antwoord: Hier is ek!*

*En Hy sê: Moenie jou hand na die seun uitsteek nie, en doen hom niks nie; want nou weet Ek dat jy God vrees en jou seun,* jou. . .*van My. . .jou enigste seun van My nie teruggehou het nie.* (Wat 'n werk!)

82 Nou, Ons vind hier dat Jakobus Abraham regverdig deur sy *werke.*

83 Maar nou, in Paulus, in Romeine, die Boek van Romeine, die 8ste. . .die 4de hoofstuk; 4:1 tot 8. Ek sal dit nie alles lees nie, maar net deel daarvan lees:

*Wat sal ons dan sê, het Abraham, ons vader na die vlees, verkry?*

*Want as Abraham uit die werke geregverdig is*. . .(julle onthou, ons het die woord "geregverdig" gisteraand geneem). . ., *het hy iets om op te roem, maar nie teenoor God nie.*

*Want wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid* onthalwe *gereken.*

En *aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste;*

84 Nou—nou waarna Paulus hier verwys, is wat *God* in Abraham gesien het.

85 Nou laat ons. . .as julle. . .as ons nie te veel geblaai het nie, sou ons weer teruggaan na Génesis die 15de hoofstuk, en die 6de vers; 15:6, ek reken dis reg. Ons sal begin by die 5de:

*Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel, en tel die sterre as jy hulle kan tel. En hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees.*

*En hy het in die* HERE *geglo; en hy het hom dit tot geregtigheid gereken.*

86 Nou die twee mans waaroor ons oor geloof praat: Paulus het Abraham geregverdig deur wat *God* in Abraham gesien het; maar Jakobus het Abraham geregverdig deur wat *die mens* in—in Abraham gesien het.

87 Sien, nou, Jakobus het gesê: "Hy's geregverdig deur sy werke."

88 Paulus het gesê: "Hy's geregverdig deur geloof."

89 Maar kyk, Abraham het God geglo, dis wat *God* in hom gesien het; hy het Dit geglo. Maar toe toe hy begin optree het asof dit alreeds gedoen is, dis wat die *mens* in hom gesien het.

90 En dis dieselfde wat dit met ons is, want ons werke druk uit watter geloof ons het. Maar as ons bang was om op te tree volgens wat ons glo, dan glo ons Dit nie. Sien, jy moet Dit glo.

91 Abraham se werke het sy geloof uitgedruk wat hy in God se belofte gehad het. Nou, Abraham, onthou, hy was negentig jaar oud. . . 'n honderd jaar oud, en Sara was negentig jaar oud. En nou was hulle al baie oud, verby kinders hê, en was vir baie, baie jare. En hulle het saamgewoon as man en vrou vandat hulle jonk was, en geen kinders nie. Maar tog, het God vir hom gesê toe hy vyf—en—sewentig jaar oud was, en Sara vyf—en—sestig: "Jy gaan 'n baba hê." En hy het God se belofte geglo. Hy het Dit geglo. Nou, sien, hy het alles gereed gemaak vir hierdie baba. Sien, dis wat *God* gesien het, toe hy God geglo het. En die *mens* het gesien wat hy gedoen het om uit te druk wat hy geglo het. (En dis dieselfde ding wat vanaand werk, dieselfde as wat dit met ons is.) Dit is aan hom geopenbaar. Sien, dit is aan hom geopenbaar, so hy het dit so geglo, en het opgetree asof dit al klaar plaasgevind het.

92 Nou, laat ons net daar stop, net 'n minuut. Partymaal verstaan ons Dit verkeerd. Die mense kry emosie, en hulle probeer werk op emosie. Dit sal nie werk nie.

93 Nou, ek is soos Broer Gerhorltzer hier, ons is—ons is ou manne, en ons was in die. . . 'n lang tyd hierin. En ons het die voor—en nadele gesien, en—en alles. En gebid vir die siekes, om die wêreld, en die—die teleurstelling van die mense gesien, en die—die "Halleluja's" gesien van elke kant. Dan, deur dit alles, het ons geleer. Nou, toe as seuns, en ons het hierdie begin preek, Broer Gerholtzer, soos ons begin swem het. Die eerste ding, julle weet, dit was altyd dat ek sou uitgaan, en ek sou. . .Broer Jack, ek het vir Broer Brown gekry om my in die straat te laat afloop, aand na aand, om myself te probeer

bybring. Ek sou daar staan, soos ’n klein kindjie, wat plas in die water, visioene sien, julle weet. En ek sou net daar bly totdat Broer Brown . . .

94 Ek onthou een aand, ek sal dit nooit vergeet nie, bo in San Jose, of iewers. Hy het gekom om my wakker te maak, ek het nie geslaap vir ’n paar dae nie en ek het nie geweet ek praat met die man nie, maar gesê dat ek hom vertel het. Begin huil, gesê: “Ek gaan huis toe.” Sien?

95 “Tog,” het hy gesê: “jy kan nie huis toe gaan nie.” Daar’s ’n diens wat daaronder aan die gang is.

96 Ek het gesê: “Wel, ek sal binne ’n paar minute gereed wees om huis toe te gaan. Sien, net bo, buite myself, amper. Sien, ek was ’n seun toe.

97 Soos wanneer jy leer swem, jy weet, jy plas die water en gaan oor die swembad, en “huhhh, huhhh, huhhh, ek het dit gemaak!” Nou, nadat jy leer swem, is die haal meer grasieus, en dit “maak jou nie so moeg nie.” Sien, dis reg, jy leer hoe om dit te doen; en sny elke draai en maak dit beter, en dis meer van ’n gemak. Sien?

98 ’n Klein seuntjie wat nooit geloop het nie, wat in hierdie paadjie sou probeer afloop hier, sou ’n dosyn keer val en “uitgeput” wees voordat hy daar kom. Maar enigiemand wat weet hoe om te loop, ’n atleet, sal reguit in daardie paadjie afloop en nooit eens oplet dat hy dit doen nie. Wel, hy het dit gehad om mee te begin, dis wat hy nou is.

99 Wel, dis dieselfde manier met die preek van Goddelike genesing of enigiets anders. Soos jy voortgaan, begin jy leer. As jy nie leer nie, is daar iets verkeerd. Sien, jy moet leer, en jy moet leer hoe om God te aanvaar en wat dit regtig beteken.

100 Ons laat dit toe, sê partykeer: “Wel, hierdie kêrel het nie genoeg geloof gehad nie, hierdie kêrel het nie *dit* en *dat* gedoen nie.” Daar’s ’n rede daar daarvoor, daar’s ’n rede. Partymaal is dit onbelyde sonde. Jy kan ’n gelling olie oor ’n persoon gooi, en skree tot jy hees word, dit sal nooit daardie duiwel beweeg nie. Nee, meneer! Jy moet dit bely. Dis wat onderskeiding doen, sê: “Gaan maak daardie reg, bring daardie uit.”

101 Maar dis so stadig om dit te doen, julle sien. En dan—dan word die res van hulle ongeduldig, en hulle sê: “Ag, daar is nooit vir my gebid nie.” Maar ons wil nou ’n manier vind, wat . . . wat gebeur, die ware basiese van Goddelike genesing.

102 Nou, ’n gawe, net soos ek gisteraand gesê het: “’n Gawe is wonderlik, maar jy kan nie jou Ewige bestemming op gawes baseer nie.” Jy kan nie van iets kleins iets groots maak nie, en ’n—’n gawe is iets kleins. En Satan kan enige gawe wat God het naboots, hy kan iets net presies soos dit maak, sien, presies. Daarom, ons moet dit dophou.

103 Soos ek partymaal sê oor skree; ek het demone sien skree, sien. Praat in tale, ek het demone in tale sien praat. Sekerlik, hy boots Dit na. Dit is nie 'n egte nie, maar dit boots Dit na, julle sien, laat dit lyk asof dit eg is. En mense partymaal, wat nie die verskil ken nie, verklaar *hierdie* as "eg," wanneer dit nie eg is nie.

104 En dieselfde ding doen hulle oor Goddelike genesing. Hulle dink: "Wel, dis 'n abrakadabra, of so—iets." Dit is nie. Dis 'n egte, onvervalste geloof in wat God gesê het om die Waarheid te wees. En dit anker! En wanneer dit anker, is daar niks wat dit gaan beweeg nie. Dit gaan daar bly. En daarom, sny hierdie draaie, . . .

105 Nou: "*geloof*" is 'n "openbaring van God." Nou geloof is 'n openbaring. Daar is waar ek wil bly, daar net vir 'n oomblik. Dis 'n openbaring. Hy het dit aan jou geopenbaar, deur Sy genade. Dis niks wat jy gedoen het nie. Jy het nie jouself opgewerk in geloof in nie. Jy het nooit geloof nie, dit word aan jou gegee deur die genade van God. En God openbaar dit aan jou, daarom is geloof 'n openbaring. En die hele Kerk van God is gebou op die openbaring.

106 'n Baptiste prediker het vir my vertel, nie lank gelede nie, hy het gesê: "Ek kan net nie openbaring aanvaar nie."

107 Ek het gesê: "Dan kan jy nie die Bybel aanvaar nie. Jy kan nie Christus aanvaar nie, want Hy is die Openbaring van God. Hy is God geopenbaar in vlees." Daarom, is die hele Kerk gebou op Goddelike openbaring.

108 Jesus het gesê aan (ek dink dit was Petrus) . . . gesê, Hy het gesê: "Wie sê die mense wie is Ek, die Seun van mens?"

109 Hy het gepraat met Sy dissipels. "En party het gesê U is 'Elía' en 'Moses,' of Een van die profete,' en 'Jeremía.'"

110 Hy het gesê: "Maar wie sê julle?"

111 Hy het gesê: "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

112 Nou, die Rooms Katolieke kerk sê: "Hy het gepraat met Petrus: 'Op hierdie rots sal Ek my Kerk bou.'"

113 Die Protestante het gesê: "Hy het Dit op Homself gebou."

114 Nou, hulle kan reg wees. Maar, vir my, is albei van hulle verkeerd. Dit was op die geestelike openbaring van wie Hy was. "Vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, Petrus. Maar My Vader, wat in die Hemel is, het dit aan jou openbaar. En op hierdie rots," die openbaring van wie Hy is. Op die openbaring: "Hy is die Woord, en die hele . . . "Op *hierdie* rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die hel sal nie Daarteen standhou nie." Dit wys dat die poorte van die hel Daarteen sal wees.

115 Abel, deur geloof, openbaring, (geen Bybel geskryf in daardie dae nie). . .deur Abel, deur geloof, het aan God 'n beter offerhande geoffer as dié van Kain. Wat God getuig het: "Hy was regverdig." Hoe? Deur geloof. Hoe? Deur openbaring! Deur openbaring, het Abel aan God 'n beter offerhande geoffer, want dit is aan hom geopenbaar dat dit nie vrugte van die veld was nie, dit was die bloed.

116 Dis hoekom party mense Dit kan glo, en sommige Dit nie kan glo nie, sommige voorgee om Dit te glo.

117 In 'n gehoor mense, waar 'n gebedslyn deurkom, sal jy vind party. . .en hulle was almal goeie mense, sal ons sê. Daar's party wat hard probeer om Dit te glo, hulleself Daarin probeer inwerk. Party kan dit net glad nie doen nie. En andere, is dit net deur genade, word dit net vir hulle gegee. Nou, daar is die verskil. Sien? Dit handel dit af. Dis die ware openbaring, want geloof is 'n openbaring van God. Dit moet eers geopenbaar word.

118 Jesus het dit duidelik uitgedruk toe Hy gesê het: "Geen mens kan na My kom, behalwe as My Vader hom eers trek, of My eers aan hom openbaar nie." Julle behoort dit te lees. Dis Jakobus. . .of Johannes 6:44 en tot 46. Hulle het nie geweet wie Hy was nie. Hulle het gedink Hy was net 'n gewone man. Hulle het gedink Hy was net soos die mense vandag ook, een of ander profeet. Hy was die Profeet, Hy was 'n gewone mens, maar daar was meer as dit.

119 Net soos gisteraand, gepraat. . .Wanneer julle die boek kry, gaan julle miskien 'n klein verwarring daar sien van wat ek gesê het: "Die twee boeke van die Lewe." Dis dieselfde Boek, maar een van hulle was jou natuurlike geboorte, die ander een is jou geestelike geboorte. Een lei uit na die ander een, net soos 'n koringaar. Wanneer jy ook al met my praat, praat jy met my as 'n lewende persoon. Maar daar's 'n deel van my hier, is daardie persoon, wat moet vergaan. Dis die Boek waarvan die name afkom. Maar die Ewige een, die Voorbestemde een, die Uitverkore een, die naam kan nooit daarvan afkom nie, want dit was altyd Daarop. Dit kan nooit afgehaal word nie. Julle sal dit oplet in die boek, so ons sal julle verwarring voorkom. Julle sal dit so vind. Want, ek dink, Broer Vayle, wat die regte taal daarby sit, het my daaraan herinner vandag. Ek het gesê: "Dis reg."

120 Die Baptiste glo daar's twee aparte boeke. En op een manier is daar twee aparte boeke, en op 'n ander manier is daar nie twee aparte boeke nie. Ek's twee aparte mense. . .Ek's liggaam, en siel, en gees, drie verskillende mense, maar ek's. . .slegs een maak my 'n wese.

121 Daar's net regtig een Boek van die Lewe. Soos daar net een kiem van—van die koring was wat opgekom het deur die

stingel, en gegaan het deur die pluim, en uit deur die dop, en in die koring in; heelpad daarlangs, sê jy: "Nou, dis 'n koring wat daar lê." Dit is nie die koring nie, dis die stingel, maar saam is dit die koring. Sien, dis die koring, want dis almal een stingel, maar die koring is waarvan jy praat, die korrel aan die einde daarvan. Die ander was 'n draer, dit moet vergaan. En dis die een—een plek klink asof jou naam afgehaal kan word van die Lam se Boek van die Lewe, en die ander plek kan jy dit nie doen nie. So, dis wat dit is. Dis alles in daardie groot openbaring daar, wat bekend gemaak is gedurende die tyd van die Sewe Seëls. Hoekom is dit, hoe party mense Dit nie kan glo nie?

122 Jesus het gesê dat: "Geen mens kan na My toe kom, behalwe as My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom." Geen mens kan verstaan in wie Hy was, of hoe Dit is, behalwe as dit aan jou geopenbaar word deur die openbaring van God nie. En dan geloof daarin, tree jy daarvolgens op. Sien? Hier sien ons duidelik dat God geopenbaar is in Jesus, en slegs diegene wat verordineer is om dit te sien, sal dit sien. Maak seker om hierdie Skrif te lees. Ek het dit toe uitgelaat, daardie Johannes 6:44 tot 46. Ek het dit uitgelaat, want ek het gedink, miskien sou ons hê. . .miskien nie genoeg tyd om deur te gaan nie, want daardie horlosie daarbo hou net aan beweeg.

123 En so ons. . .Julle let op: "Geen mens, geen mens kan kom behalwe as My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, hulle sal kom." Hulle sal Dit herken. Geen ander mens kan dit doen nie, geen ander persoon nie, maak nie saak hoe goed, wie jy is nie, Dit moet aan jou geopenbaar word. Dan sien jy wie Jesus Christus is.

124 Nou, hier, voorbestemde plan is duidelik sigbaar. Net soos ander saad, is die Woord van God 'n Saad en moet die grond voor die tyd voorberei word. As jy saad gesaai het, dit net daarbuite op die grond gegooi het, sou dit nie help nie, die voëls sou dit optel. Jy dit tussen dorings en distels gooi, sal dit dit baie gou versmoor. Jesus se gelykenis het so gesê. So die grond moet eers voorberei word. So, God, in soewereine genade, berei eers die hart voor. Hy het jou voorberei voor die grondlegging van die wêreld, om Hom in hierdie eeu te ontvang. Hy het jou vooruit geken deur sy voorkennis, en jou verordineer tot Ewige Lewe. Hy het jou geken, daarom het Hy jou voorberei.

125 Dis waarom jy gesteier het uit hierdie dinge, en ingesteier het in dit wat jy nou het. Dit was God wat jou gelei het na die plek waar Hy jou verordineer het om te wees. Dit. . .of as—as—as hierdie grond nie voor die tyd voorberei word nie, kan dit nie groei nie. Dis waarom die saad van geloof, wanneer jy geloof preek, die onderskeidings van die Here sien, en sien

wat plaasvind, en al die gawes van die Bybel wat werk; mense wat werk, gesê het: “O, halleluja, ek glo Dit.” En kom op, en vind hulself teleurgesteld. Sien, die grond moet verordineer wees. En jy weet wanneer Dit dit tref.

126 Soos my klein arend, gisteraand. Hy het geweet toe hy daardie skreeu van daardie moederarend gehoor het: “daar’s ’n groot verskil tussen dit en die gekloek van die hen.” Sien, want hy was ’n arend van die eier af. Nie. . .hy is nie op daardie oomblik ’n arend gemaak nie, hy was altyd ’n arend. En ’n Christen was altyd! Dis die rede, die skeiding, wanneer jy geskei is, want jy was daarin vasgevang, sien, deur jou eerste ouer, Adam en Eva. Jy het ’n sondaar van geaardheid geword. Jy wou nie wees nie, maar nou het jy die Evangelie gehoor, en “geloof kom deur die gehoor,” openbaring kom deur die gehoor. Daar is ’n klein ietsie binne—in jou.

127 ’n Ander man wat reg langs jou sit, sê: “Ag, ek glo nie daardie goed nie. Onsin! Ek glo dit nie. Niks daaraan nie!”

128 Soos hulle gedoen het op die Pinksterdag, hulle het gelag en gesê: “Hierdie manne is vol nuwe wyn.” Hulle het geweet dit was. . .Dit was ’n groot ding vir diegene waarmee dit gebeur het. Hoekom? Dit was God wat Homself openbaar aan die indiwidue. Terwyl andere gelag het, het hulle gejuig. Dit was ’n indiwiduele openbaring, wat geloof is; geloof wat geopenbaar is. As dit nie geloof was nie, dan sou dit nie eens daar wees nie. Dit was geloof.

129 Net sade moet die grond eers voorberei hê. “Daarom, almal wat Hy vooruit geken het, het Hy geroep. Almal wat Hy geroep het. . .Almal wat Hy vooruit geken het, het Hy voorbestem.” As julle dit wil lees, Romeine 8:28-34, en ook Efésiërs 1:1-5. Kyk, almal wat Hy vooruit geken het, het Hy geroep. Almal wat Hy geroep het, het Hy geregverdig. En almal wat Hy geregverdig het, het Hy alreeds verheerlik. Daar’s niks buite orde nie. Ons dink daar is, maar kyk in die Skrifte. Dit tref net presies soos God se Woord gesê het dit sou. Ons sien die Boodskap is verwerp, vandag. Is dit nie net wat die Skrif gesê het hulle sou doen nie? Sekerlik, al hierdie dinge is verordineer deur God.

130 O, Dit behoort jou blymoedig te laat wandel. Dis die probleem met ons vandag, soveel anders as die Christene van ouds. Toe die ware, egte openbaring van Jesus Christus as Emmanuel gewoon het in die harte van daardie manne, was hulle geharde mense. Maar vandag word ons gepamperlang deur denominasies, met: “O, ek sê jou, hulle het nie die Openbaring nie. Kom jy hiernatoe.” Jy maak staat op *hulle* openbaring. As hulle openbaring nie volgens die Woord van God is nie, dan is dit verkeerd; myne of enigiemand ander s’n, dis waar die konfrontasie kom. Die Woord van God sê wat reg en verkeerd is!

131 Enige saad moet sy grond hê, natuurlik. “Daarom, almal wat Hy vooruit geken het. . . ” Sien, Hy het alreeds geweet wat gaan gebeur. Let op, Jesus het weer gesê, van die Saad: “Party het op rotse geval, andere in gemengde grond.” Sien, oorkant waar daar dorings, distels, en enigiets anders is, kon Dit nie groei nie. En andere op goeie grond, goeie grond, goeie aarde, wat voorberei is, alreeds voorberei.

132 Al die mense hierbuite, hy’s soos ’n hoender, hy soek rond, probeer om te vind. Hy tref *dit*, en hy tref *dat*, maar naderhand kom daar ’n skielike Skreeu uit die Hemel. Hy herken Dit baie vinnig: “Dis die Woord van God!” Sien, hy ken Dit, want daar’s iets in sy hart wat vir hom vertel is, aan hom geopenbaar is Daaroor.

133 Let op, die profeet Jesaja het gesê: “’n Maagd sal swanger word.” Wat ’n vreemde gesegde. Hoe ’n—’n mens by sy volle verstand dit kon sê? Daar het nooit ’n maagd swanger geword nie. “’n Maagd sal swanger word!” Nou, hy was nie bekommerd om Dit te sê nie, hy het Dit net gesê. Hoe gaan sy dit doen? En dis nie sy besigheid nie! Hy moet net sê wat God gesê het Hy sou doen. God het dit aan hom geopenbaar, hom die visioen gewys; dit openbaar, en dit was reg.

134 Net dieselfde God wat vir my gesê het daardie babatjie sou gebore word deur daardie man wat nie die kind kon hê nie. . .’n dogtertjie kon hê nie. Soos andere en dinge, hoe dit vreemd klink wanneer die dokter sê: “Dit kan nie gebeur nie!”

135 Maar wanneer God sê: “Dit gaan gebeur,” hang dit af van watter soort van ’n woord dit in val. Onthou, die profeet het daarbo gestaan en Sy Woord het uitgegaan.

136 Soos God, in Génesis 1, het Hy gesê: “Laat daar lig wees. Laat daar *dit* wees. Laat daar *dat* wees.” Die mens geskape na Sy Eie gelykenis, gelykenis van God het Hy hulle geskep, manlik en vroulik, en daar was nog niks op die aarde nie. Toe, vind ons uit in Génesis 2, hier, het Hy die mens gemaak na Sy Eie gelykenis. Daar was geen mens om die aarde te bewerk nie, na die res die skepping. Wat was dit? Dis Sy Woorde, Hy het Dit gespreek. En toe Hy gespreek het, het Hy gesê: “Laat daar lig wees.” Daar mag miskien nie lig gewees het vir agthonderd jaar daarna nie, mag miskien nie lig gewees het nie, maar Hy het Dit gesê! En solank as wat Hy Dit gesê het: “Laat daar ’n palmboom wees. Laat daar ’n akkerboom wees. Laat daar *hierdie* wees,” het daardie sade gevorm daaronder onder die water. Dis reg. En in die seisoen, in die tyd, in sy eie seisoen, het dit voortgebring! Dit kan nie faal nie, dis God se Woord. Dit kan net nie faal nie, Dit is uitgedruk.

137 Nou, eendag, het God gepraat met die mens, van aangesig tot aangesig. Maar in die tyd van Moses, toe die vuur geval het, het hulle gesê: “Laat God. . .Laat Moses spreek; nie God nie, ons mag omkom.”

138 Daarom, het Hy gesê: "Ek sal nie meer so met hulle praat nie, Ek sal vir hulle 'n profeet oprig." Dis hoe God se stelsel altyd was.

139 Nou, hier staan 'n profeet; nou, hy's onder inspirasie; hy dink nie aan sy intellektuele nie: "Nou, wag 'n minuut. As ek dit sou sê, wel, julle weet, sou die mense dink ek's mal." Sien, dis sy intellektuele. Daar luister hy na Satan, net soos Eva het.

140 En solank as wat die dokter sê: "Jy kan nie lewe nie. Jy kan nie gesond word nie. Jy kan nie *hierdie* of *daardie* doen nie." En solank as wat jy daarna luister, sal daardie Saad nooit in daardie soort grond val, en niks goed doen nie. Dit kan nie. Maar wanneer iets dit alles wegskeur, en Dit val in daardie voorbereide grond, is daar niks wat Dit kan uitskeur nie.

141 Nou, maak nie saak hoe lank Dit neem nie, dit gaan gebeur. Nou, Hy het gesê: "'n Maagd sal swanger word." Het julle geweet dit was agthonderd jaar voordat dit gebeur het? God het die vrou vooruit geken, wie sy was, wat haar naam was, waarin daardie Saad sou val. Glo julle dit? Sekerlik, Hy het! En vanaf 'n letterlike baarmoeder, sou hierdie groot wonderwerk voorkom. God het daarvan geweet, Hy het dit net aan Sy profeet geopenbaar, wat getrou was en die Woord gespreek het. Sonder om eens te dink aan wat Dit was, het hy Dit net gesê. Hy het Dit nooit probeer uitredeneer nie.

142 As jy probeer uitredeneer. . .Wat as hierdie man, hierdie vrou, of hierdie man wat hier sit, of iemand probeer redeneer: "En ek was kreupel al hierdie jare. Die dokter sê: 'Daar's nie 'n moontlike kans nie'"? Wel, daar mag miskien nie wees, sover hy geweet het nie. En dis waar.

143 Maar as iets daardie onkruide kan wegtrek, as God deur Sy genade; nie die prediker nie, nie enigiemand anders nie, maar God om in jou hart 'n openbaring te plaas, dat: "Ek gaan gesond wees," is daar niks wat jou daar gaan laat sit nie. Daar's niks wat jou daar kan hou nie, jy gaan gesond wees! Maar totdat dit wel gebeur, gaan jy net daar sit waar die dokter gesê het jy gaan sit; totdat dit gebeur. Dit moet geopenbaar word. Dis die genade van God wat dit openbaar.

144 Nou, let op, God het die vrou geken waarnatoe Dit sou kom. Let op Jesaja, daar was geen twyfel nie. Jesaja het nie gesê nie: "Wag 'n oomblik, Here! Wag—wag net 'n oomblik! Wat het U vir my gesê? 'n Maagd gaan swanger word? O! Wat? Nou wag, Vader, daar—daar—daar was nooit so—iets soos dit gedoen nie."

145 Hy het nie gehuiwer nie, hy het net gesê: "'n Maagd sal swanger word!" Reg.

146 Let op Maria: "Nou, nou Here, wag 'n oomblik, U weet ek—ek het nooit 'n man geken nie. Dit is onmoontlik! Niks soos

hierdie het nooit gebeur nie! Oooo, o, nee, niks soos hierdie het ooit gebeur nie. Hoe gaan ek hierdie baba hê? Ek ken nie enige man nie, so dit kan nie gebeur nie! Uh, Engel, jy het net 'n fout gemaak. Ek het 'n optiese illusie gehad. Jy weet, my kerk sê: 'Hierdie dae is verby.'" Nee! Dit sou nooit in 'n plek soos daardie geval het nie. Maria het nooit bevraagteken nie.

147 Sy het gesê: "Hoe kan dit wees? Ek ken geen man nie."

148 Hy het gesê: "Die Heilige Gees sal jou oorskadu. Dis hoe dit gaan gebeur."

149 Sy het gesê: "Aanskou, die diensmaagd van die Here!" Geen vraag nie!

150 Sien, Jesaja, toe God die Woord deur gedagte (openbaring) voortgebring het in die hart van Jesaja, het Dit in die regte grond geval, dit was 'n profeet. Daardie profeet het nie omgegee vir enige mens se wysheid nie. Hy het nie omgegee vir enige mens se intellek nie. Hy het nie omgegee oor die persoon van enigiemand nie. Hy was 'n toegewyde kanaal na God, en God het gespreek en hy het gespreek. Dis al. Of dit seergemaak het, of nie; of dit kranksinnig geklink het, of dit nie kranksinnig geklink het nie; het nie enige verskil vir hom gemaak nie. Dit was God, nie die man nie.

151 En toe die Woord voortgegaan het, nou word Dit 'n Saad, Dit moet iewers val. As God Dit gesê het, gaan daar iewers 'n baarmoeder wees Daarvoor om in te val. Net soos Hy gesê het: "Alle dinge is moontlik vir hulle wat glo. As julle sê vir hierdie berg: 'Word verskuif,' en nie twyfel in julle hart nie, kan julle kry wat julle gesê het." Sien, daar moet iewers wees wat reg is!

152 Let op! Nou, ons vind uit dat Jesaja hier Dit gespreek het.

153 Die maagd Maria, so gou soos. . .Die grond was reeds geploeg. Sy was 'n maagd. Sy het nie "rondgehardloop" nie. Die grond was alreeds voorberei, of voorbestem deur voorkennis van God.

154 Selfs gesê: "Sy was 'n maagd." Net toe het God geweet wat haar naam sou wees. Haar naam was op die Boek van die Lewe, in die Hemel.

155 Toe, was Dit bevestig. Mense het toe (aan die mense) die uitdrukking Daarvan gesien deur hulle werke, toe dit alreeds gedoen was. Nou kyk ons terug en sê: "Sekerlik, Dit is gedoen," want ons sien die werke wat gedoen is.

156 Noag se werke het uitgedruk aan die mense, wat sy geloof in God se belofte was. Nou, God het Noag ontmoet, en Hy het gesê: "Noag, dit gaan reën. Ek gaan die hele aarde met water vernietig." Nou, dit het nooit gereën nie, dis die onmoontlikheid. Wel, nou, Noag het. . .Gesê: "Berei 'n ark voor volgens die afmetings wat Ek vir jou sal sê." En hy wat 'n skrynwerker was, en hy het begin werk en sy voetdissel begin neem, en alles om die

planke te sny, en dit daarbo reg te maak met die sittimhout, en die pik daarin te sit, net soos Hy gesê het. En kan julle jul voorstel wat mense gedink het van daardie man?

157 Hulle het gesê: “Daardie man is werklik mal, want hy sê: ‘Dit gaan water uit die hemele bring,’ en daar’s geen water daarbo nie.” Maar, julle sien, Noag het nie daaraan gedink nie. Sy werke het uitgedruk aan die mense wat sy geloof was en wat God gesê het sou plaasvind.

158 Dis die rede waarom die egte Christen homself afskei van alles behalwe die Woord van God, maak nie saak wat die mense dink, wat enigiemand sê nie. Hy’s afgesonderd, omdat. . .Hy sê dit nie net nie; as hy dit doen, sal dit nie lank wees totdat sy werke bekendgemaak word nie. Hy sal terugval en *hierdie* kant toe glip en by *hierdie* een aansluit, *hierdie* een, begin. . .hy sal—hy sal wys wat hy is. Maar as hy ’n egte is, as die Woord van God in hom ingebed is, dan gaan Dit voortbring van Sy soort, jy sal daardie man sien voorberei vir daardie groot uur. Sien, dis wat Noag gedoen het.

159 Moses, met ’n stok in sy hand, het gekom om die volk weg te neem van Farao. Nou, kan julle jul voorstel. . .Moses, die Bybel het gesê dat hy onderrig was in al die wysheid van die Egiptenare. Hy was slim, hy kon hulle intellek dinge leer. Hy is al hulle wysheid geleer. Hy het nie nodig gehad om sy geleerdheid te verfris nie. Nou, dink net aan ’n man daarbuite in die wildernis, met al daardie geleerdheid, en God wat toe aan hom verskyn en gesê het: “Moses, neem hierdie stok in jou hand, en gaan daar in Egipte in, en bring My kinders uit met hierdie tak wat jy in jou hand het. Oorwin die hele ding met hierdie tak.”

160 Nou, wat as Moses sou sê: “Meneer, net ’n oomblik, ek het gedink ek praat met ’n intelligente wese, hierdie groot ‘EK IS’, wat u sê u is. Nou, hoe op aarde sal ek ooit hierdie klein, ou krom stokkie neem wat ek in my hand het, en ’n weermag van miljoene manne oorneem, bewapen met spiese, vegters? En ek is nie ’n vegter nie, ek is ’n skaapwagter. Hoe kan ek dit ooit doen?”

161 Daar was geen vraag nie! Hoekom? Hoekom? Die Grond in sy hart! Hy was ’n voorbestemde persoon. “Gawes en roepings is sonder bekering.” God het vir Abraham vertel dat Hy dit sou doen, en daar was die grond voorberei.

162 En Moses het hierdie stok geneem en soontoe gegaan en daardie volk uit ’n volk geneem. Toe hy gekom het met ’n stok in sy hand, en vir Farao vertel het: “Laat hulle gaan!” Farao het die werke in Moses gesien, dat hy geloof gehad het in wat hy sou doen, of probeer het om te doen. Hy het geloof gehad in die belofte van die God wat die belofte gemaak het, hy het soontoe gegaan om dit oor te neem. Geen ander man sou dit doen nie, en geen

ander man kon dit doen nie, hy was verordineer om dit te doen. God, voor die tyd, het vir Abraham vertel dis net wat sou gebeur. En toe die tyd van die belofte nadergekom het, was daar 'n klein seuntjie gebore, 'n mooi kind. En die ouers, Amram en Jogebed, was nie bang vir die koning se bevel nie. Sien, daar was iets, die grond was alreeds voorberei.

163 O God, ek hoop ek praat met die voorbereide grond, vanaand! As die Saad kan val in die regte grond, en dit gaan wees iet–. . . As dit nie is nie, sal dit nie gebeur nie.

164 Dis dieselfde ding. Hulle sê: "Broer Branham, dit neem dit soort van weg van ons." As dit so is, neem dit weg van Christelikheid, ook. Sien, jy kan enigiets naboots. Maar as die . . . as dit regtig inval, die Woord van God in die regte soort grond val, gaan dit van sy eie soort voortbring. Dit moet, want Dis 'n saad.

165 Noag . . . Moses, sy werke, het geloof uitgedruk in die belofte van die God wat hy geglo het. Farao, die man, kon sien wat was. Nie . . . hy kon nie sien hoe Moses dit sou doen nie, maar hy het geweet Moses het geglo waarvan hy gepraat het of hy sou nie daar in die paleis gestaan het met 'n stok in sy hand nie. Gesê: "Met hierdie stok sal ek hulle wegneem van jou." 'n Ou man, tagtig jaar oud, nie 'n atleet nie; ou man, krom skouers, en wangbaarde wat afhang teen sy . . . waarskynlik sy middellyf; en grys hare, as hy enige gehad het. En daar met daardie stok in sy hand, en sê: "'Ek gaan hulle uitneem, laat die volk gaan,' SO SPREEK DIE HERE. En as jy dit nie gaan doen nie, gaan God jou oordeel." Amen! Hoekom? Dis . . . Sien, dit . . . Was hy bang? Tog, net een pyl, een spies, enigiets anders sou dit beëindig het. Hy was vreesloos! Hy het presies geweet waar hy staan; gesê: "God sal jou slaan, Farao." Ja, meneer.

166 Want God het vir hom gesê: "Jy sal weer na hierdie berg toe kom," en hy het geweet hy sou sou soontoe gaan.

167 Halleluja! Ons weet ook waarnatoe ons gaan, aan die einde van hierdie reis. God het belowe! Daar's 'n Land oorkant die rivier. Wees vreesloos in julle getuienis. Amen. As dit geopenbaar is aan jou, is jy vreesloos. Gy gee nie om as die hele wêreld . . . wat hulle sê nie. Jy's vreesloos. Wanneer dit geopenbaar is aan jou: "Hierdie is die Waarheid wat van God af kom," dan kan jy vreesloos wees. Indien nie, kan jy nie.

168 Dawid, met 'n skaapwagter se slingervel, het aan die hele Israelitiese weermag uitgedruk die geloof wat hy in hulle God gehad het. Nou, daar was Goliat aan die anderkant, en hy het daar buitekant gestaan en sy uitdagings gemaak. Baie keer groter as Dawid, hy het vingers gehad wat veertien duim lank was. En hy was 'n reus, yslike kêrel, die Filistynse reus. En hier was Dawid, die kleinste een, hy was selfs te klein om in die weermag te wees; te veel van 'n dwergie, hulle kon hom nie gebruik nie. So, sy broers was daarbuite in die weermag. En, toe, Goliat het sy uitdagings gemaak.

169 Maar Dawid, nou onthou, dit was geopenbaar aan Dawid. Hy het gedink: “Hier is die weermagte van die lewende God, wat in hulle eie land staan, en daar is ’n uitdagende onbesnede Filistyn daarbuite.” Ons sal hom “kanker” noem vanaand, ons sal hom “verlamming” noem.

170 Tog, Dawid was glad nie opgewasse teen hom nie, nie met enige soort van ’n wapen nie; hy was nie opgewasse nie. Daardie man se skouers was waarskynlik tien, twaalf voet breed; hy het waarskynlik veertien, vyftien voet hoog gestaan. ’n Spies soos ’n wewersbalk, waarskynlik twintig voet lank, die lem daarvan waarskynlik vier voet breed.

171 En ’n klein Dawid het daar gestaan met ’n klein stukkie leer, bokvel of skaapvel, met twee stukkies tou daaraan vasgemaak. Maar dit was *geopenbaar* aan hom! Openbaring het hom getref! Amen! Hy het gesê: “Die God wat my uit die kloue van die beer verlos het, wat my verlos het uit die kloue van die leeu, hoeveel te meer sal Hy daardie onbesnede Filistyn in my hand gee!”

172 Sy broers, baie meer in staat om dit te doen. Saul, kop en skouers bokant sy weermag. Maar, julle sien, dit was nie aan hulle geopenbaar nie. Amen. Daar is dit: hulle het geglo dit kan gedoen word, hulle het geglo dat God dit kon doen, maar dit was nie aan hulle geopenbaar nie; maar dit was geopenbaar aan Dawid. So daar’s die verskil, net daar. As dit absoluut geopenbaar is aan jou dat God jou gaan genees, gaan jy—jy dit kry. [Leë kol op band—Red.] Jy gaan dit kry. Ek gee nie om wat verkeerd is met jou nie, wat die kanse is nie, dit mag erger wees as Dawid en Goliat. Maar as dit geopenbaar is aan jou. . .

173 En let op, toe dit geopenbaar is, het Dawid vreesloos geword. Hy het gesê: “Vandag sal ek jou kop afsny!” Amen. Vinnig! Ons God, deur genade, in daardie kritieke oomblik, toe ’n besluit gemaak moes word, daardie selfde God wat die genade in daardie dag voortgebring het, en daardie saad van geloof laat inval het in daardie seuntjie, wat gelyk het soos ’n boggelrug, gekyk het in sy hart; daardie selfde God, in hierdie kritieke oomblik, kan daardie vrou uit daardie rystoel neem, daardie man daar, as jy dit kan glo, met al haar probleme. Wanneer daardie klein korreltjie van geloof aan jou geopenbaar word. En ek gee nie om hoe lank dit neem nie,. . .

174 Nou let op, die reus, aan die ander kant, het dit nie geglo nie; die kanker sal ook nie. Hy het gelag, hy het gesê: “Is ek ’n hond? Julle stuur ’n kind hier uit om teen my te veg?” Gesê: “Ek sal jou optel, op die punt van my spies, en die voëls jou vlees laat eet.” Tog, hy het gehad al die. . .alles, alles aan sy kant.

175 Maar, julle sien, dit het Dawid glad nie geskud nie. Hoekom? Dit was aan hom geopenbaar. Hy het geloof gehad in

wat hy gedoen het. Hy het geweet hy gaan dit doen. En hy het dit gedoen, dis omdat dit geopenbaar was aan hom, en hy het geweet waar hy staan.

176 En as God wat dit pas gespreek het, reg onder in jou hart, gesê het: “Jy gaan nie in daardie bed lê nie. Jy gaan nie in daardie stoel sit nie. Jy gaan gesond word,” kan daar niks wees wat jou van gedagte laat verander daarin nie.

177 Maar totdat dit gebeur het, kan elke prediker in die wêreld bid, . . . ek sê nie dit sou jou nie help nie; dit sou, dit sou jou bemoedig, maar totdat daardie geloof . . . Sien, die genesingskrag is in jou. Dit kom nie van die prediker af nie. Dit kom na jou deur openbaring, deur geloof. “Nie deur krag nie, nie deur mag nie, maar deur My Gees,” het die Here gesê. “My Gees, deur genade, openbaar dit aan jou.” En daar’s niks wat dit kan wegneem nie. Deur geloof, openbaring! Toe, Dawid, om sy werke te bewys, . . .

178 Nou, party van hulle het gesê: “Ek weet jy’s stout.” Sy broer het gesê: “Jy kom hiernatoe om die stryd te sien. Nou, hardloop jy terug na waar daardie skape was.”

179 Hy het gesê: “Laat my met Saul praat, die generaal.” Julle sien?

180 En Saul het gesê: “Nou, seun, ek bewonder jou moed. Maar, jy sien, jy’s niks anders as ’n kind nie. En hy’s ’n soldaat vanaf sy jongdae, jy’s nie opgewasse teen hom nie.”

181 Hy het gesê: “Ek het my vader se skape opgepas, . . .” Hy kon dit baseer op iets! Amen. O broer! En die God wat jou siel gered het, kan Hy nie jou liggaam genees nie? Dis net dieselfde, openbaar aan jou, Hy is jou Geneesheer, soos Hy jou Verlosser was. Sien? Maar dit moet eers geopenbaar word, dis die verskil. Hy het iets gehad om sy geloof op te baseer.

182 Gesê: “Nou, dit het nooit tevore gebeur nie.”

183 Maar gesê: “Dieselfde God wat my verlos het uit die kloue van die leeu, sal my verlos van daardie onbesnede Filistyn.”

“Hoe weet jy dit, Dawid?”

“Ek glo dit.”

“Hoekom?”

“Dit is geopenbaar aan my.” En hy het gesê: . . .

184 Hy het geweet waarvan hy gepraat het. Want toe die reus gesê het: “Ek gaan jou vir die voëls voer”; het hy gesê: “Ek gaan jou kop afsny.” Daar’s die verskil, sien. En hy het dit gedoen!

185 Simson, betrap (onverhoeds) in ’n vlakte, en hier kom ’n duisend Filistyne op hom af. En hy het afgekyk op die grond, en daar was waar ’n muil doodgegaan het, en hy het die ou kake opgetel, kakebeen, droog soos dit kon wees, en al daardie

Filistyne oorwin, hulle oor die kop geslaan met hierdie ou droë kakebene van 'n muil, en sover ek weet, het nie eens 'n tand daar uitgeval nie. En daardie Filistynse helms was waarskynlik 'n duim dik (want hulle het mekaar in daardie dae met knuppels oor die kop geslaan), om te keer dat 'n man hulle oor die kop slaan. Maar hy het die kakebeen van daardie muil geneem en 'n duisend Filistyne verslaan, en die kakebeen het nooit gebreek nie. Hy het hulle net aanhou slaan, soos *daardie*, soos hulle opgekom het. So, die res van hulle het weggehardloop na die rotse, sien, hulle het weggehardloop van hom. Hoekom? Hy het dit geglo!

186 Partymaal, om julle te wys, . . . ek wil julle iets anders vertel. Werk op daardie polsslag, daardie ingewing van die oomblik, soos Josua het, soos Maria Magdalena, hulle almal. Net daardie oomblik wanneer iets aan jou geopenbaar word, gryp dit. Hou daaraan vas, daardie ingewing van die oomblik.

187 Ja, dit is geopenbaar aan hom. Hy het gegaan om daardie duisende Filistyne te ontmoet. Nou wat dink julle toe daardie Filistyne gesê het: "Nou, kyk, wat daar aankom, daardie klein dwergie; net omtrent vier en 'n half voet lank, om mee te begin; met sewe klein krulletjies wat teen sy nek afhang, soos mamma se klein sissie, sien; kom daar langs met 'n kakebeen van 'n muil. En kyk na ons, wat 'n groot weermag is ons! Is dit nie belaglik nie?" Maar wat het hy gedoen? Hy het aan daardie Filistyne uitgedruk wat geopenbaar is aan hom deur God. Hy het die kakebeen gegryp en afgesit, want dis wat Hy in sy hand gesit het; Hy het dit in sy hand gesit, dis wat hy geglo het: hy kon dit doen! En deur dit te doen, het hy uitgedruk aan daardie Filistyne wat God in sy hart gesit het om te doen.

188 Johannes die Doper, het sy geloof uitgedruk deur sy werke, en toe hy gesê het: "Daar staan Een onder julle nou." Dink net daaraan. Johannes, ek het die Skrif, Johannes 1:26, sien. Hy het gesê . . .

189 Hulle het gesê: "Jy sê: 'Die Messias kom'? Tog," gesê: "man, wat's verkeerd met jou? Ons het na Hom gesoek vir vierduisend jaar."

190 Hy het gesê: "Hy staan nou reg tussen julle." Halleluja! Dieselfde is Hy vanaand! Uh-huh.

191 Hy het sy geloof uitgedruk deur sy openbaring, want dit is aan hom geopenbaar dat . . . hy het geweet hy sou die Messias doop. Hy was 'n man, dertig jaar oud. Hy het geweet Hy moes iewers wees; hy het nooit geweet wie Hy was nie, en daar het Hy reg onder hulle gestaan. Hy het gesê: "Daar is Een wat nou onder julle staan, wie julle nie ken nie, en ek is nie werd om Sy skoenveters los te maak nie, maar Hy sal julle doop met die Heilige Gees. En Hy is nou reg tussen julle." Hy het dit uitgedruk, sy geloof, want hy het geweet, in sy dag, sou hy God

se Messias aanskou en doop. So, sien, die mense kon die uitdrukking sien op hom, op die wyse wat hy gepreek het, en die wyse wat hy opgetree het, het uitgedruk dat hy ’n ware openbaring van God gehad het.

192 Nou, om te bewys dat dit waar was, reg uit die skare het die Messias geloop; net ’n gewone jongman wat daar onder deur geloop het, aangetrek soos ander mans. Johannes het gesê: “Aanskou, daar’s die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem.”

193 “Hoe ken jy Hom?”

194 Hy het gesê: “Hy wat vir my gesê het, in die wildernis: ‘Op wie jy die Gees sal sien neerdaal, dis die Een wat sal doop met die Heilige Gees.’”

195 Sien, hy het Hom geken want daar was veronderstel om ’n teken te wees op daardie tyd. (Begryp julle Dit?) Johannes het presies geweet van die uur, want hy was ’n profeet. Dit was aan hom geopenbaar, dat hy geweet het omtrent daardie tyd, sou hy ’n teken sien. En toe hy daardie teken gesien het, het hy gesê: “Hy staan tussen julle.” Hy het geweet Dit was daar.

196 O, ek sien die teken dat die endtyd hier is. Ek sien die dinge wat belowe is vir hierdie endtyd Boodskap, wat gebeur (ontvou) net presies soos die Skrif gesê het. En ek weet dat die tyd op hande is! Ek sê dit sonder aarseling. Ek glo dis reg op hande, want ek sien die tekens wat Hy gesê het sou gebeur net voor daardie tyd. Dit is *nou* gereed om te gebeur.

197 Johannes het sy geloof uitgedruk in wat God aan hom geopenbaar het. Daarom, werke is geloof se getuienis. Wanneer hulle sien dat jy optree asof jy genees is, dan sal hulle weet jy het geloof dat jy genees is.

198 Wat sê getuienis? Sê dit: “Ek het dit nou, want ek het God se belofte ontvang. Dit werk nou in my. En ek maak daarvoor gereed om te gebeur.” Uh-huh. Sien, dis wat jou getui—. . .jou werke doen. Wel, sekerlik!

199 Hier, ’n tyd gelede, voor my laaste reis in Afrika; ek was pas daar oorkant hierdie lente, maar reis tevore. Daar was ’n klein babatjie wat horrel voete gehad het, en een voet. . .been korter as die ander een. Dit het nooit skoene in sy lewe gedra nie. O, dit was baie verskriklik vervorm. En ek het gebid vir die baba daardie aand, hulle het dopgehou en daardie dinge gesien wat gedoen is, hulle het gebid vir die baba. En die volgende oggend het ek soontoe gegaan, verby ’n skoenwinkel geloop. En ek het daar ingeloop, en daar was die man wat vir die baba ’n paar skoene koop om te dra. Hy het dit geglo! Uh-huh.

200 Soos hierdie man hier oorkant, wat geglo het God sou hom daardie babatjie gee. Sekerlik, hy het geglo dit gaan gebeur,

gereed gemaak daarvoor. “Ek maak gereed.” Hoewel geen fisiese resultate nog gesien kan word nie, maar dit maak glad nie enigsins ’n verskil nie. Hy het dit geglo, soos Abraham: “Enigiets teenstrydigs genoem asof dit nie so was nie.” Daar!

201 Daarom, as jou intellektuele wel vir jou vertel . . . Oooo, hier’s die angel nou. As jou intellektuele wel vir jou vertel, dat: “Hierdie is dit Waarheid, God is die Geneesheer van siekte,” jou verstand kan getuig dat “Dit is die Waarheid,” maar as daar nie die beddinggrond in jou hart is (geloof, om in te val) om dit uit te druk nie, sal dit nie gebeur nie.

Hoewel baie . . . maak nie saak hoeveel hierdie buitenste man dit kan redeneer met die Skrifte, en sê: “dis reg,” nie, maak dit nog nie Reg nie.

202 Hoeveel neem die bande? Het julle my preek, nie lank gelede nie, *Die Gesalfdes Van Die Laaste Dae* gekry? Het julle dit geglo? Sien, dit het gesê: “Daar sal anti—christe wees. Anti—christe sou amper die uitverkorenes mislei, indien moontlik.” Kan dit deur . . . Dit kan nie, want dis onmoontlik, hulle is uitverkore. Sien? Goed.

203 Maar Hy het gesê: “Die gesalfdes.” Sien, *Christus* beteken “gesalfde,” maar hierdie was anti. Hulle was gesalf, maar anti, teen Christus in hulle lering. Nou, hulle kon enigiets doen wat die res van hulle kon doen.

204 Nou, onthou, julle is in ’n siklus van drie, maar julle is een persoon, soos Vader, Seun, en Heilige Gees, siklus van drie, maar een Persoon. Drie eienskappe van dieselfde God: vaderskap . . . Drie ampte soos Hy: vaderskap, seunskap, en Heilige Gees. En julle is: liggaam, gees, en siel.

205 Nou, daar is vyf inlate na die buitenste liggaam, om jou aardse tuiste mee te kontak: sien, proe, voel, ruik, en hoor. Die binneste, wat ’n gees is, dit het vyf sintuie: gewete, en liefde, ensovoorts. Maar die binnekant daarvan, die siel, het een ding. Dis waar *jy* lewe.

206 Die Gees kan hieruit kom en jou salf om ’n sekere ding te doen, en jy doen dit, maar dit beteken nie jy’s gered nie. Dink daaraan. Kajafas het geprofeteer. Judas het duiwels uitgedryf. Sien, die Gees het hom gesalf. Hierdie reën val op die regverdige en die onregverdige, die onkruid kan juig saam met die koring. Maar dis wat dit by die kern is. Dis waar julle kan, intellektuele, kan aanvaar en sê: “O, sekerlik, dit lyk goed. Ek glo dit.” Dit doen dit steeds nie. Nee, meneer. En die gees kan werklik getuig daarvan, en dit is steeds nie so nie. Want as daardie siel nie van God af gekom het nie, kan dit al die nabootsings hierbuite maak, maar dit kan nie eg wees nie. Jy kan genesing namaak, jy kan maak asof jy dit het. Jy kan maak asof jy dit ontvang het. Christene kan maak asof hulle Christene is, en namaak en so goed wees daarmee, maar dit

beteken nie hulle is gered nie. Dis presies reg, sien. Die Gees kan daar wees, die ware, egte Gees. Die Heilige Gees kan jou salf, dit beteken steeds nie dat jy gered is nie. Dis daardie binneste siel wat nooit sterf nie, dit het Ewige Lewe. Dit was altyd Ewige Lewe. Sien? Dit kom van God af, dit gaan na God, dis die siel.

207 Nou, let dan op, dit moet wees. Vyf, [f–a–i–t–h—Eng.] geloof, buitekant; gees, J–e–s–u–s; aan die binnekant, J–y. Sien? Dis hoe hier staan, na julle kyk, ek nie een van julle ken nie. Die gees kan my salf, steeds ken ek niemand van julle nie. Maar wanneer daardie binnekant van die binnekant inbreek, dis God.

208 Dis waar die buitekant kan redeneer. Jy kan 'n man neem, sê: "Wel, jy weet, ek—ek weet ek is nie veronderstel om owerspel te pleeg nie. Maar, jy weet, dan vertel die gees my ek behoort nie owerspel te pleeg nie. Maar, jy sien, ver onderin is daardie ding steeds daarbinne." Sien, dit sal jou soort van rondlei, en beter dit dophou.

209 Maar wanneer dit van die binnekant gerig word, gooi dit al die res daarvan bymekaar. Dis die aanwyser. Dis die beheertoring, die binnekant van die binnekant. Die siel beheer die gees, die gees beheer die liggaam.

210 So 'n buitekantste witverf maak nie enige verskil nie. Daardie godsdienstige mense destyds, wat Paulus genoem het: "Gewitte mure," ensovoorts, hulle was (uiterlik) net elke manier die. . .'n gelowige, en hulle het profesieë onder hulle gehad, en enigiets anders behalwe die *binneste van die binneste* ("die *siel* wat nie glo nie").

211 Dis waarom ek sê mense kan op en af spring, en in tale praat, mense kan skree, hande op die siekes lê, en die siekes genees ensovoorts, deur geloof; al hierdie groot dinge daar deur die Gees, en steeds verlore wees. Gesalfdes.

212 Let op Jesus het gesê: "Glo net, want alle dinge is moontlik vir hulle wat glo." Geloof en werke is man en vrou, hulle werk saam. Die man werk saam met die vrou, die vrou saam met die man; hulle identifiseer mekaar.

213 Soos 'n man wat sê hy is "getroud" en tog kan hy nie voortbring en wys dat hy 'n vrou het nie, jy betwyfel sy aanspraak. Sien? 'n Man het gesê: "Ek's getroud."

"Waar's jou vrou?"

"O, o, ek—ek weet nie *daarvan* nie." Sien? Sien? Sou soort van moeilik wees vir my om hom te glo.

Ek sê: "Wel, waar is jou vrou?"

"Wel, ek weet nie." Ek—ek gaan dit nie glo nie.

214 So, julle sien, as jy het wat jy sê jy het: "Ek het geloof." Hoe gaan jy my wys jy het geloof? Deur jou werk. Sien?

"Ek is getroud."

"Hoe weet ek dat jy getroud is?"

"Hierdie is my vrou." Sien? Daar het julle dit.

"Ek is getroud, hierdie is my man."

"Ek is genees."

"Hoe weet jy?"

215 "My werke wys my geloof." Sien? Sien? Nou, waarvan—waarvan jy praat: jou geloof is wat God in jou sien, jou werke is wat die ander mense in jou sien.

216 Dis vir die verskil tussen Jakobus en Paulus hier, wat verduidelik oor Abraham. Hulle het nooit mekaar weerspreek nie, hulle was albei dieselfde; getroud.

217 So is geloof wat nie werke voortbring nie, enigiemand het die reg om jou getuienis te betwyfel. Nou hoor julle dit, voor ons met die gebedslyn begin? As jou geloof nie werke saam met dit voortbring nie, kan jy nie enigiemand laat glo dat jy genees is nie. Sê: "Wel, ek weet nie." Sien? "Wel, ja, sekerlik, ek het al die geloof in die wêreld." Jy het nie. Want, as jy is . . . geloof het, dan is werke getroud met geloof. Hulle is man en vrou. Een—een identifiseer die ander een.

218 Laat ons aan Abraham dink net 'n paar minute. Abraham het daardie heilige eenwording volledig gehad, sien, hy't die hele ding bymekaar gehad. Hy het dinge genoem, teenstrydig met sy geloof, asof hulle nie was nie; en opgetree volgens dieselfde beginsel. Ek kan my voorstel, na omtrent twintig jaar, dat iemand verbykom en gesê het: "Vader van nasies? Huh! Abram, jy het gesê jou naam was '*Abraham,*' wat beteken *vader van nasies*. Net hoeveel kinders het jy op hierdie oomblik, Abraham?" Sien?

219 Dit het hom glad nie laat struikel nie. Die Bybel het gesê: "Hy het nie getwyfel aan die Woord van God, deur ongeloof nie." Hy het reguit voortgegaan om gereed te maak. Al die skoentjies gereed gehou, en die voël—oog, hy "sou die baba hê." Dis al.

220 Selfs Sara het gesê: "Jy weet wat gaan gebeur? Jy gaan die baba hê, maar ek sê jou hoe ons dit gaan doen. Hagar is nou my diensmaagd, ek gaan haar aan jou gee." (want poligamie was toe wettig) "En sy sal 'n baba hê, en ek sal die baba vir myself neem." Maar Abraham het dit nie geglo nie. Nee, hy wou dit nie doen nie. Maar Sara was geïnspireer om dit te doen.

221 So, God het vir Abraham gesê: "Gaan voort en luister na haar," maar Hy het gesê: "tog is hierdie nie wat Ek jou beloof het nie. Hierdie is nie hoe Ek dit beloof het nie."

222 Nou kyk, hy het enigiets "teenstrydig" genoem, en sy liggaam toe dood, en Sara se baarmoeder dieselfde. Nou, hy

was ’n ou man, ’n honderd jaar oud. Sara was negentig jaar oud. Nou let op! Die doodheid van Sara se baarmoeder, of die doodheid van sy liggaam, was nie eens oorweeg nie.

223 Luister hierna:

> *Want die belofte dat hy erfgenaam van die wêreld sou wees het Abraham of sy nageslag nie deur die wet verkry nie, maar deur die geregtigheid van die geloof.*
>
> *Want as* dit was deur *die wet*. . .was deur *die wet,* erfgenaam *is, dan het die geloof waardeloos geword, en* is *die belofte tot niet geraak*. . .
>
> *Want die wet werk toorn; maar waar geen wet is nie, daar is ook geen oortreding nie.*

224 Luister nou hierna:

> *Hy het teen hoop*. . .

*Teen hoop,* alle hoop was weg! O, elke keer wat ek ’n bietjie “depressief” voel, is hierdie die hoofstuk waarnatoe ek blaai, Romeine 4, sien.

> *(Soos geskrywe is: Ek het jou ’n vader van*. . .*’n nasie gemaak,) voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.* (“God het so gesê!” Sien?)
>
> *Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van*. . .*volke; volgens wat gesê is: So sal jou nageslag wees.*

225 Nou luister, 19de vers:

> *En sonder om te verswak in die geloof, het hy, al was hy omtrent honderd jaar oud, nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was en*. . .*die gestorwe toestand van die moederskoot van Sara nie.*
>
> *En hy het nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel nie; maar is versterk*. . .*en het aan God die eer gegee.*

226 By ’n honderd jaar oud? Kyk, sy liggaam nou dood (sy manlikheid), en Sara se baarmoeder dood. Hy’s. . .Dit is nie eens oorweeg nie. Toe dit aan hom geopenbaar is, is daardie bed nie eens oorweeg nie. Jy’s ’n verlamde, of wat jy ook al is, dit word nie oorweeg nie. Die rystoel word nie oorweeg nie. Of die klein seuntjie, miskien verlam, wat dit ook al is (ek weet nie), dit word nie oorweeg nie. Moet dit nie eens oorweeg nie.

227 “Maar die dokter het gesê: ‘Hy sal nooit hieruit kom nie.’ Die dokter het gesê: ‘Sy sal nooit kom. . .’” Dit word nie eens oorweeg nie.

228 “Wel, kyk, ek’s ’n ou persoon, ek word middeljarig.” Ek oorweeg dit nie eens nie.

229 En ons is die kinders van Abraham (Halleluja!), nie soos Isak was nie, maar sy Koninklike Saad (deur Jesus Christus) deur die geloof wat hy gehad het. Abraham se Saad wat voortkom in die laaste dae om te skyn soos die sterre. Abraham se kinders! "Het nie op sy eie liggaam gelet wat nou dood was nie." Het ook nie daarop gelet nie! Dit was nie eens bevraagteken of God dit sou doen of nie, God het gesê Hy sou dit doen! Hoekom? Dit was geopenbaar aan hom. Is dit reg?

230 Wanneer dit aan jou geopenbaar is, wanneer dit regtig... iets...Jy kan dit nie laat gebeur nie, dit moet geopenbaar word aan jou. Dan oorweeg jy nie eens enigiets anders nie: hoe onmoontlik dit is, oorweeg nie wat die dokter gesê het, jy oorweeg nie wat mamma gesê het, wat pappa gesê het, wat die prediker gesê het, wat enigiemand anders gesê het nie. Jy oorweeg net wat God gesê het!

231 "Hy het nie gelet op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie." Dit was nie eens oorweeg nie. O, goeiste, dit skud my net. Liggaam verstorwe, of die verstorwe toestand van Sara se baarmoeder, nie eens oorweeg nie.

232 Geen omstandighede sal oorweeg word wanneer geloof sy beddinggrond vind nie! Wanneer 'n kiem geen van 'n man die—die eier van die vrou vind, en beide van hulle vrugbaar, gaan iets gebeur. Halleluja! Die dokter kan sê: "Julle sal nie 'n baba hê nie. Ek kan bewys dat jou—jou gene dood is in jou liggaam, en haar eiers sal nooit vrugbaar wees nie." Maar laat daardie vrugbare eier, laat daardie kiem homself swaai na daardie eier eenkeer, kyk wat gebeur. Daardie klein seuntjie of daardie klein dogtertjie kom op die toneel. Hoekom? Geloof het sy beddinggrond gevind. Werke gaan aan die werk, sel bo-op sel, en hier kom die klein kêreltjie. Amen. God, wees ons genadig. O God, om geharde Christene te wees soos ons moet wees! As ons mans en vroue was, kon julle God op Sy Woord neem. Jy kan dit nie doen totdat dit aan jou geopenbaar word nie. (Ek moet opskud)

233 Let op, die heilige geloof van God was verenig met die heilige werke van sy profeet. Onthou, God se heilige geloof was geopenbaar aan Abraham. Hy het dit ontvang, en daardeur het hy begin met sy heilige werke, deur te glo. Die saad van belofte het 'n plek gehad om te groei. Wat as hy gesê het (Abraham) "Wel, jy weet, Sara, op die ou end, was dit vyf-en-twintig jaar sedert God daardie belofte gemaak het"? Huh-uh! "As iets sou gebeur het," sien. Maar dit sou nie. God het geweet dit sou nie.

234 Wat as die maagd Maria gesê het: "Wel, nou, wag 'n oomblik! 'n—'n Maagd swanger word? Wel, hulle sal my uit die kerk uitgooi, as ek ingaan en so—iets soos dit sê"? Nou, sy sou daardie gedagtes gedink het, as dit nie die voorbereide beddinggrond was nie.

235 Toe daardie profeet gesê het: "'n Maagd sal swanger word," het dit dit afgehandel. Sien?

236 "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg." As 'n beddinggrond daar lê wanneer daardie Woord daar val, vestig dit. Daar's niks wat dit kan stop nie.

237 Nou, vinnig, terwyl ons klaarmaak. Sien, die Saad het 'n plek om te skuil. God het dit geweet, of Hy sou nooit die belofte aan Abraham gegee het nie. Nou luister, baie aandagtig nou. God het geweet waarnatoe daardie belofte sou gaan; Hy het nooit eens vir Abraham geroep totdat hy vyf-en-sewentig jaar oud was nie, maar hy was Sy voorbestemde dienskneg van die begin af, en Sara ook.

238 Let op, onthou, hy het geen Bybel gehad om uit te lees nie. Hy het dit nie so maklik gehad as wat ons dit vandag het, om Sy Woord te lees en andere te sien wat Dit geneem het nie. Onthou, hy het Dit slegs gehad deur openbaring, en dis die ware ding. Dieselfde soos dit was met Josef, in Génesis, daar was geen Bybel nie. Onthou, Moses het Génesis, Eksodus, Levitikus, en Deuteronomium geskryf. Geen van daardie karakters daarin het enige Bybel gehad om te lees tot na Moses nie. Is dit reg? Hulle het nie 'n Bybel gehad wat ons het, om ons aan te help in ons kreupel toestand nie. Hulle was geharde manne wat... was aan hulle geopenbaar deur God, en hulle het net daar gestaan. Niks kon hulle beweeg nie. Nou, dink julle dat ons nog steeds daardie geharde geloof kan hê? As dit aan jou geopenbaar word!

239 Verskoon die uitdrukking, of die getuienis op hierdie tydstip, net voor afsluiting. Ek onthou dat hierbo in "Twin Stad," ek dink Broer Brown en hulle was saam met my; en ek het die lewe van Josef, in die Bybel, geneem. En ek het daardie Bybel gelees, daar was 'n man waarteen daar niks was nie! Abraham, Isak, Jakob, en almal van hulle, het iets teen hulle gehad, maar nie Josef nie. Wat 'n man, 'n perfekte man, 'n perfekte tipe van Christus!

240 Toe ek dit gelees het, het ek net begin huil, eendag, in my klein ou hotelkamertjie. En ek het oorkant in die kas ingegaan waar ek my klere hang, die deur toegetrek, en ek het gesê: "God, ek wil U bedank vir 'n man soos Josef, 'n man wat eenkeer geleef het op die aarde, 'n—'n man in vlees soos ek is, 'n man wat U kon glo en U Woord neem." Hy was gehaat deur sy broers. Hy kon nie help om geestelik te wees nie. Hy het 'n visioen gesien. Hy kon droom interpreteer. Almal van hulle het hom gehaat daarvoor. Hy kon dit nie help nie, dis net wat hy was.

241 Sien, dit was net nie aan die andere nie. Hulle behoort hom lief te gehad het, maar in plaas daarvan... Toe hy hulle vertel het, partykeer dinge teen hulle: "O," het hulle gesê: "hier kom daardie dromer." Sien? En hulle het hom gehaat sonder 'n rede.

242 Ek het gesê: "Hoekom het hulle dit gedoen?" En tog het daardie man nooit beweeg nie, hy het net daar gebly. Sien? Ek het gesê: "Dankie, Here. O God, dankie vir so 'n man."

243 En net toe het die Heilige Gees aan my geopenbaar, en gesê: "Jy sal 'n seun hê, en jy sal sy naam 'Joseph' noem." Ek het opgestaan van daar af en die Here gedank.

244 Becky, wat daaragter sit, is pas gebore omtrent 'n. . . sy was omtrent 'n jaar oud. Sy was 'n keiser, dit loop in my vrou se familie om keisers te wees; want hulle haak nie uit soos die vrou veronderstel is om te doen nie, die bene is solied soos 'n man, en sy moes uit haar moeder gesny word. En die dokter het vir my gesê, hy het gesê: "Broer Branham, moet jy nooit nog 'n kind by hierdie vrou hê nie." Gesê: "Haar baarmoeder is so dun soos 'n ballon." Hy het gesê: "Jy beter my daardie buise laat afbind."

245 Ek het gesê: "Nee, ek sou nie. . . moenie daaraan dink om dit te doen nie, 'Dok.'"

246 Hy het gesê: "Wel, jy—jy—jy sal. . . Sy behoort nie nog 'n kind te hê nie." Gesê: "Jy gaan haar ruïneer," gesê: "sy sal sterf." Gesê: "Ons het 'n verskriklike tyd daar gehad," gesê: "jy net. . . sy het net—net deurgekom."

247 En toe het die Here vir my gesê ek "gaan 'n seun hê," en sy naam sou "Joseph" genoem word. Ek was nooit bang daarvoor nie. Almal van julle. . . baie van julle onthou dit.

248 Ek het voortgegaan en aangekondig: "Ek gaan 'n baba hê en sy naam gaan Joseph wees." Hoeveel onthou dit? Sekerlik! Oral rond, buite oor die land, oral, mense vertel: "Gaan 'n baba hê, sy naam gaan Joseph wees."

249 Net soos daardie klein seuntjie opgerig was, in Finland, uit die dood. Broer Jack was net daar toe dit gebeur het. Julle vertel, twee of drie jaar voor dit gebeur het: "Daar gaan 'n klein seuntjie wees," hoe hy aangetrek sou wees, waar hy sou lê. "God het so gesê!"

250 "Hoe gaan dit wees?"

251 "Ek weet nie! Maar dis aan my geopenbaar dat dit sou gebeur!"

252 Dit was geopenbaar aan my: "Ek was oppad na Arizona, en daar sou ek sewe Engele ontmoet. En hulle sou my dan vertel wat. . .'n Boodskap wat ek moes preek." En dit was die Sewe Seëls. Dit het gebeur! Hoeveel onthou dat ek dit gesê het? Die bande en dinge sal daarnatoe gaan. En dit het gebeur! Tydskrifte, alles anders, het die foto Daarvan geneem. Daardie Lig in die lug, hulle kan Dit steeds nie verstaan nie. Daar was dit.

253 Ek onthou dat ek Broer Jack gebel het en vir hom gevra het daaroor, Christus wat daar gestaan het, en Broer Jack het gesê:

"Dis in Sy verheerlikte toestand." Sien? Ek het Broer Jack lief. Hy's een van die beste teoloë wat ek van weet, maar ek kon dit net nie reg tref nie.

254 Ek het daar gestaan, ek het gesê: "Here, hoe is dit? Jongman hier," ek het gesê: "met hare soos wol."

255 En Hy het gesê: "Hy het 'n pruik op." Kyk in die boek, voor dit gebeur het, het ek dit gesê. En daardie dag toe dit gebeur het, het dit opgegaan. En dan draai jy daardie foto sywaarts, as julle sal kyk in *Look* Tydskrif of *Life* Tydskrif. Draai dit sywaarts. Daar is Hy, net volmaak, Hoffman se *Kop van Christus*, wat afkyk reg onder waar ek gestaan het, daar is dit in die tydskrif! Hoeveel het Dit ooit gesien? Natuurlik, julle het almal gesien. Daar, wat reguit terugkyk, presies bewys het die openbaring was korrek.

256 Hoekom met 'n pruik? Wel, die ou Engelse regters, die Joodse regters, het altyd 'n—'n—'n pruik gedra, hulle doen dit steeds in Engeland; wanneer hy. . . dis oppergesag, hy dra 'n pruik. En dit wys Hom wat daar staan, met 'n pruik van Engele vlerke, Hy is die Alfa en Oméga. Hy is die Opperste Regter, en niemand anders as Hy nie. Hy word aanskou as Alfa en Oméga. En daar was Hy 'n jong man, nie oor die dertig jaar oud nie, wat 'n pruik van wit dra. Wat wys dat Hy die Opperste, God was: "Die Vader het *alle* oordeel oorgegee in die hande van die Seun." Halleluja! Die openbaring is nooit verkeerd nie! Spreek Dit in elk geval, maak nie saak waarna dit klink nie, gaan reguit saam met die Woord.

Nou onthou, vier jaar later, my vrou.

257 Ons het geweet ons gaan 'n baba hê. Almal het gesê: "Is hierdie Joseph wat kom?"

258 Ek het gesê: "Ek reken dit is, ek weet nie, maar ek gaan Joseph hê."

259 Toe dit gebore is, was die Sarah. Toe het 'n man my gebel, en in my gesig gelag, hy het gesê: "Sê, jy weet wat? Jy het bedoel Josephine!" (Die man het gesterf. Die man het gesterf.)

260 Ek het gesê: "Meneer, ek het gesê: 'God het vir my vertel ek "gaan 'n seun hê" en ek sou "sy naam 'Joseph' noem"!'"

261 Daar was drie mense wat 'n sekere denominasionele kerk verlaat het en na ons kerk gekom het, en hulle het my dit hoor sê. Toe Sarah gebore is, het hulle gesê: "Tog, hy's 'n valse profeet."

262 Ek het gesê: "Wag 'n oomblik, Dames, ek het nooit gesê *wanneer* nie, nóg het God gesê *wanneer*. Hy het vir my gesê: 'sou hê 'n. . .' Hy sou. . . vir Abraham vertel 'hulle gaan 'n Isak hê,' maar Ismael is gebore tussen—in daardie tyd, maar dit het Dit nie weggeneem nie." Ek het gesê: "God het gesê ek gaan hierdie seun hê, en ons gaan sy naam 'Joseph' noem."

263 Die dokter het gesê, toe hy opkom, hy het gesê: "Eerwaarde, ek gaan daardie buise nou afbind." Gesê: "Ek. . . "

264 Ek het gesê: "Moet jy dit nie doen nie!" Ek het gesê. . .

265 Hy het gesê: "Wel, jy mag weer trou en tog daardie seun hê."

266 Ek het gesê: "Ek gaan die baba by haar hê! God het so gesê!" Ek kon dit nie uit die Bybel lees nie, maar dit was op my hart geskryf deur openbaring, deur geloof; God het so gesê! Wou nie deur ongeloof twyfel aan die belofte van God nie.

Sommige van hulle het gesê: "Jy het bedoel 'Josephine.'"

Ek het gesê: "Ek het bedoel 'Joseph.'"

Dokter het gesê: "Sy kan nie nog 'n baba hê nie."

Ek het gesê: "Sy sal nog 'n baba hê."

267 Vier jaar het verby gegaan, uiteindelik sou sy weer moeder wees.

268 Toe het 'n vrou ('n valse profesie voortgestuur oor die land) woorde geskryf, gesê: "Nou, Meda gaan sterf, gedurende hierdie tyd, want ek was gestuur om Bill te lei." En dit het gesê dat "Hy nie wou luister na my nie, want ek is 'n vrou, en God gaan hom nou uitsorteer deur sy vrou dood te maak."

269 Ek het gesê: "God het Jesus Christus gestuur om my te lei." Sien? En ek het gesê: "Ek word gelei deur die Gees."

270 Arme klein Meda. Ons het 'n verpleegster gehad wat genees is daar in 'n dienste, julle almal weet, Mev. Morgan, (en een van Mayo's se verpleegsters, die ergste gevalle). Wel, sy's op die rekord: "dood," omtrent twintig jaar gelede, met kanker: "sarcoma's kanker," in Louisville, reg op die Baptiste hospitaalrekord. Sy verpleeg in—in Jeffersonville, in die hospitaal, nou. Sy was daar vir al hierdie jare, want God het gesê: "Sy sal lewe."

271 En, so, Meda het haar liefgehad, en sy het gesê: "Ek wil hê Margie moet saam met my kom, Bill, ek voel nie om na die hospitaal te gaan nie."

272 Ek het gesê: "Moenie maak. . . Ons het vir Margie lief, maar Margie is nie ons God nie, Margie is ons suster." En ek het vertrek bo na Green se Meul. Sy het my ontstel, want ek het haar lief, en ek het opgegaan na Green se Meul. En ek. . .

273 En sy het gesê: "Bill, dink jy ek gaan sterf?"

274 En ek het gesê: "Ek weet nie, maar die baba gaan in elk geval gebore word. Jy gaan 'n Joseph hê."

275 Sy het gesê: "Is hierdie hy?"

276 Ek het gesê: "Ek weet nie, Skat. Ek kan nie sê nie, maar God het gesê 'ons gaan Joseph hê,' en ons gaan Joseph hê. Ek

gee nie om wat enigiets anders sê nie, ons gaan Joseph hê. Dan dieselfde God wat vir my al hierdie openbaringe vertel het, het vir *dit* vertel, Hy het nooit gefaal op die ander nie, en Hy sal nie daaroor faal nie."

277 Ek het na die meul gegaan om te bid. En ek het soontoe begin gaan, daardie Lig tussen twee bome sien hang, gesê: "Gaan terug na jou werk, en na die boek." Ek het teruggegaan na hierdie . . .

278 Die Bybel was . . . en gelê in my motor. En toe ek het, die wind het dit oorgeblaai na waar Natan gesit het, en Dawid; gesê: "Gaan vertel vir my dienskneg Dawid; ek het hom geneem van die skape, vanaf die voed van daardie paar skape van sy vader, en Ek het hom gemaak 'n groot naam soos die groot manne." (nie al die—die grootste naam nie, maar net *soos* groot manne; hom nooit 'n Billy Graham gemaak nie, maar 'n . . . hom 'n naam gegee, julle weet) Gesê: "Wel, Ek het dit gedoen, maar" gesê: "Ek kan hom nie die Tempel laat bou nie, maar sy seun . . ." En net so gou as Dit gesê het: "Sy seuns," o, goeiste, daar was dit.

279 Ek het gesê: "Joseph?" Dis reg.

280 Net daar, het ek in die huis ingegaan. En daar's die klein kêreltjie, so groot sy . . . sy's 'n groot ou kêreltjie, sy kon kwalik loop, wat uitgaan deur die veld. Ek het gehardloop, my arms om haar gegooi, en ek het gesê: "Skat! Joseph kom. Joseph is op sy pad."

281 Enigiemand weet, met keiser, jy kan nie die baba laat sak nie. Daardie aand het die baba gesak, water gebreek, alles anders.

282 Volgende oggend, om sewe—uur, het ons oorgegaan na die hospitaal, die dokter het gesê: "O, goeie genade."

283 Ek het haar totsiens gesoen, gesê: "Skat, dit sal nie lank wees nie, Joseph sal hier wees." Met die trappe opgegaan, sy het so op die operasietafel gegaan.

284 'n Paar minute, die verpleegster het teruggekom, gesê: "Eerw. Branham?"

285 Ek het gesê: "Ja, dame."

286 Sy het gesê: "Jy het 'n goeie, sewe—pond, drie—ons, seun."

287 Ek het gesê: "Joseph, seun, welkom." Ja, meneer! Hoekom? Hoekom? Wat is dit? Dit was nie in die Bybel geskryf dat dit sou gebeur nie, maar dieselfde God van die Bybel, wat dit aan Abraham geopenbaar het, het ons nie gelet op die verstorwe toestand van haar baarmoeder, die onmoontlikheid dat dit so gaan wees nie. Jy twyfel nie aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar jy prys God, weet dat dit moet gebeur! Ek gee nie wat die dokter sê nie, alles anders op enige manier sal kom nie, maar moet jy dit nie glo nie, dis 'n leuen van die Duiwel. Ja, meneer, waar. Geloof gaan rond, saam met werke, om die belofte te skep. (laat ons opskud.)

288 Net presies soos dit gesê het: "Ragab die hoer," het Jakobus gesê: "is geregverdig deur werke." Maar hoekom? Haar geloof!

289 Sy het gesê: "Ek hoor dat God met julle is." Sy wou nie sien hoe Josua sy hare gedra het, of hoe hy sy klere gedra het nie. Sy het gesê: "Ek verstaan dat God met julle is." Dis al wat nodig was, sy het gereed gemaak.

290 Net soos 'n ware visioen vandag, (ek sluit binne 'n oomblik af) ware visioene van God vandag, dis 'n beloofde Woord vir die dag. Sê: "Hierdie visioene, Broer Branham, waar kry jy dit?" Mense struikel daaroor. Het Handelinge 2:17, nie gesê: "Dit sal gebeur in die laaste dae dat julle jong mans visioene sal sien, julle ou mans drome sou droom" nie? Is dit nie reg nie? Dis wat die Bybel gesê het.

291 Goed, nou as dit so is, kyk ook na Maleági, die 4de hoofstuk, en vind uit of dit nie vandag beloof is nie. Hoe kan jy geloof Daarin hê? Die Bybel het so gesê!

292 Nou neem jy Lukas 17:30 en lees dit. Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Net soos dit was by Sodom. Nou, kyk na die posisie van die wêreld vandag: Sodomiete. Kyk na daardie Billy Graham en Oral Roberts, daardie twee getuies, daaronder aan die getuig aan die denominasionele kerke. Een aan die Metodiste, Baptiste, en Presbiteriane; die ander een aan die Pinksters. *Hierdie* een, *daardie* een, en die *ander* een.

293 Maar onthou, Abraham was nie in Sodom nie, hy was alreeds uitgeroep. En daar was Een wat gebly en met hom gepraat het! En die Een wat by hom gebly en met hom gepraat het, het *hom* 'n teken gewys. Met Sy rug gedraai, het Hy gesê Sara sou die baba hê waarop hy gewag het. Amen. Met Sy rug gedraai. En hy het Dit genoem: "God, Elohim."

294 Nou, dit gebeur vandag, want ons het geloof. En ek weet dit is van God, omdat hierdie en ander Skrifte wys na hierdie uur. Openbaring 10, het gesê dat "in die uur van die sewende engel se Boodskap, wanneer hy sy Boodskap begin uitbasuin," nie in 'n genesingsdiens nie, maar die Boodskap wat die genesingsdiens volg.

295 Jesus het voortgegaan en gepreek; hy het gesê: "Hy het die siekes genees, en alles. O daardie jong Rabbi, daardie profeet, Hy's 'n groot kêrel. Ons wil Hom in ons kerk hê."

296 Maar eendag het Hy daar opgestaan, gesê: "Ek en My Vader is Een." O, goeiste. Toe wou hulle Hom nie meer hê nie. Ja. O!

297 "Behalwe as julle die vlees van die Seun van die mens eet, en Sy bloed drink!" Hy het Dit nie verduidelik nie. Gesê: "Behalwe as julle die vlees van die Seun van die mens eet, en Sy bloed drink, het julle geen Lewe in julle nie."

298 Tog, ek kan my voorstel, daardie dokters en verpleegsters het gesê: "Hierdie kêrel is 'n vampier, wat ons sover probeer kry om sy bloed te drink." Sien, hulle het Dit nie verstaan nie. Hy het dit geweet.

299 Maar daardie dissipels, hulle mag miskien nie in staat gewees het om dit te verduidelik nie, maar hulle het daar gesit en Dit in elk geval geglo, amen, want Dit was geopenbaar aan hulle. Ja, meneer. Hulle het Dit geweet, die Skrifte het Dit verklaar.

300 Dit kan dan aan my gevra word, dit dat jy mag sê: "Hoekom het jy geloof om in hierdie visioene te glo, wanneer—wanneer daar soveel valse nabootsings uitgaan?"

301 Ek gaan ietsie, sterk sê, net vir 'n oomblik nou. Wanneer soveel valse nabootsings rondgaan, onthou, my broer, hulle word ook van gepraat dat hulle hier behoort te wees terselfdertyd. Dis presies, net soos dit was in die tye van Moses. Moses het afgegaan om die werke van God te doen voor die volk, en daar was Jambres en Jannes wat daar gestaan het. Maar wie het dit eerste gedoen? Toe was hierdie andere nabootsers, want daar moes eers 'n oorspronklike wees vir hulle om na te boots. As dit die oorspronklike was. . . uh-huh. Nee, ons is nie—ons is nie verlore nie, ons weet waar ons is. Sien? Sien, deur die Skrif, en deur die openbaring van God, dis hoekom julle steeds staan.

302 "Wel, *hierdie* man, hy sien visioene ensovoorts. Hy doen *dit*, en hy hardloop rond met *hierdie* man se vrou. Hy glo in—in drie gode, en al hierdie dinge." Dit laat Dit glad nie twyfel nie. En daar's een ding wat hulle nie kan naboots nie: die Woord! Nee. Hulle kan al hierdie dinge hê, hulle kan praat in tale, hulle kan skree, dans in die Gees, en steeds duiwels wees uh-huh. Dis reg. Dis reg. Maar hierdie Woord meet hulle op. Sien? Dis presies reg. Dit is waarby dit kom. Soos Moses, en Jambres. . .

En onthou, Hy het gesê: "Soos Jambres en Jannes Moses weerstaan het, sal hierdie nabootsers weer opstaan in die aarde in die laaste dae." Het Hy dit gesê? [Gemeente antwoord: "Amen."—Red.] So, ons het hulle.

303 Maar dit het Moses nie laat twyfel nie. Toe Moses omgedraai het en 'n wonderwerk gedoen het in die Naam van die Here, en hier het hierdie nabootsers gestaan, dieselfde ding gedoen. Dit het hom nie gestop nie, sê: "Wel, ek reken ek beter ophou en van die veld afgaan." Hy het net daar gebly. Waarvoor? Dit was aan hom geopenbaar. Halleluja! Hy het deur die Woord van God geweet. Hy het geweet dat die Woord hulle uiteindelik sou inhaal. Hy het geweet daar sal 'n tyd kom wanneer die Woord Homself sou manifesteer, en hulle nie enigsins verder sou kon gaan nie.

304 So het ek dit geweet, al hierdie jare. Sien? Dis reg, dat die tyd sou kom. Wanneer enige wonderwerk wat God stuur, 'n ware wonderwerk, is daar altyd 'n verandering in die hele stelsel. As God iets in die kerk instuur, en die ou stelsel verander nie, het Hy dit tevergeefs gestuur. Wanneer 'n boodskap voortgaan in tekens en wonders, is daar 'n Boodskap wat dit volg. Toe Jesus voortgegaan het om die siekes te genees, toe het Sy Boodskap gekom: "Ek en My Vader is Een. Ek is Hy." Sien? Sien, hulle—hulle het Dit nie geglo nie. Hulle het Sy wonderwerke geglo. Gesê: "As julle My nie kan glo nie, glo daardie wonderwerke." Gesê: "Hulle getuig aan julle, wie Ek is." O, goeiste. Glorie! Wie was eerste? Moses! Toe het hulle hom nageboots. Maar die groot waarhede bly steeds dieselfde tussen die regte en verkeerde, hulle kan nie die Boodskap aanvaar nie! Hulle kan nie die Boodskap aanvaar wat onvervals uit die Woord van God is nie.

305 Ek gee nie om nie, Judas kan alle soort wonders en tekens gedoen het; maar, toe hy gekom het om die Heilige Gees te ontvang by die Pinksterdag, het hy sy kleure gewys. Daardie Duiwel kan opkom en reg tot by die einste ding naboots, totdat dit kom by hierdie Woord, maar hy kan nie daardie hele Woord neem nie. Hy kan dit heelpad opbring, miskien tot een Woord soos Eva het, die Duiwel met Eva gemaak het, maar hy kan dit nie alles kruis nie. Want, die enigste . . . die hele ding is die Liggaam van Christus. Sien, Woord nou. Nog minder kon . . . Hulle kon nie, kan nie nou die Boodskap verduur nie, nog minder kon Jambres en Jannes Moses se Boodskap verduur. Hulle kon dit nie doen nie. Hulle werke van nabootsing is bekend gemaak, omdat hulle nie in staat kon wees om God se Woord te volg wat deur Sy gesalfde profeet gemanifesteer is nie. Sien?

306 Hulle kon nie Israel uitvolg nie. Hoekom? Hulle was denominasionele, Egiptiese babas! Hulle kon nie die Woord volg nie. As hulle sou, moes hulle Egipte verlaat. Die Nyl was goed vir hulle, en hulle kon dit nie doen nie. Hoewel hulle die werke kon naboots, en doen wat Moses gedoen het, maar hulle dwaasheid is gemanifesteer toe dit tyd geword het om te vertrek. Toe het God dit regtig op hulle uitgegiet.

307 Dieselfde nou! Hulle mag alle soorte van valse nabootsings en dinge doen, dit doen niks behalwe om die regte ding te vergroot nie. En enige gelowige kind weet dis die Waarheid (uh—huh). Hier sien julle dan oop en bloot, toe, die werke van hulle dwaasheid van hulle nabootsing. As julle sal . . . as jou werk die ware Woord is en bevestig word Daardeur, deur jou geloof, sal dit manifesteer (en die—en die belofte van God) in Sy oorspronklike geskrewe Woord.

308 Jesus het gesê: "As Ek nie die werke doen nie . . . " (Luister aandagtig!) "As Ek nie die werke doen nie . . . " (Laat my dit

Hierby voeg.) “Dit is, as Ek nie die werke doen wat die Skrifte vir julle sê Ek sou doen nie, dan. . . dit in My eeu doen, wanneer Ek kom, wat die Messias veronderstel was om te doen wanneer Hy kom. As die dinge wat Ek doen, as God nie daardie Woord bevestig wat Hy gesê het sou gebeur nie, as My lewe nie daardie Woord laat lewe net presies wat Dit gesê het Dit sou doen. . . ” (Moet dit nie mis nie!) Jesus wat sê: “Julle weet wat die Messias veronderstel is om te doen. Dan, as daardie Woord wat geskryf is, en dan bevestig Dit Ditself nie deur My nie, dan is Ek nie Hy nie.” (Amen!) “Dan is die dag waarvan Ek praat verkeerd, is wat Johannes van My gesê het, onwaar, en dan as Ek nie die Messias is nie, as daardie werke wat Messias veronderstel was om te doen. Hy moet wees die Here julle God sal ’n profeet soos ek is oprig,’ en julle het nie ’n profeet gehad vir honderde jare nie. En as daardie werke wat Ek doen, wat God belowe het, as hulle nie gemanifesteer word in my huidige lewe nie, dan is Ek nie Hy nie. Maar as die beloofde Woord van hierdie eeu bevestig word in My, dan is Ek Hy en het die belofte na julle gekom.” (O, goeiste, kan nie sien hoeveel duideliker Dit kan wees nie!) “As die belofte nie is. . . ” (O!)

309 “Dan as die belofte van daardie dag in My bediening gemanifesteer is,” het Jesus gesê: “dan is Ek Hy. So as julle kwalik kan glo wie Ek is, kyk dan na die werke wat beloof is vir hierdie dag.” (Amen!) “Kyk na die werke wat beloof is. As daardie werke nie vervul is nie, elkeen van hulle in My nie, moet My dan nie glo nie, want Ek het julle verkeerd vertel. As julle My nie kan glo nie, kyk net wat die Bybel gesê het sou gebeur in hierdie dag. As dit nie gebeur nie, dan is dit nie reg nie. As hierdie valse dinge nie hier is nie, en al hierdie ander dinge, en dinge wat veronderstel is om plaas te vind; as dit nie hier is nie, dan is Ek verkeerd. Maar as dit is,” het Jesus gesê: “dan is Ek Hy.” (Amen!) “Ek is Hy wat beloof is om te kom.” (O, goeiste, selfde werke wat beloof is, in Sy dag, het *Hom* bevestig om daardie Messias te wees. Glo julle dit nie?)

310 Wel, nou, broer, as die werk van Lukas, die 17de hoofstuk en die 30ste vers, die belofte van Jesus Christus, net voor Sy koms, dat die wêreld sou terugdraai na Sodom en die boodskappers sou uitgaan, en die dinge net presies gedoen sou word; as dit nie plaasvind nie, moet my dan nie glo dat ek julle die Waarheid vertel het nie. Maar as dit plaasvind, glo dan Dis Hy: “In daardie dag sal die Seun van die mens geopenbaar word.” Amen! Die Seun van die mens sal geopenbaar word in die liggaam van vlees, julle mense die Kerk, net presies soos dit was voor die dae van Sodom, ’n uitgeroepe groep weg van almal van hulle, wat uitgaan, die belofte van God glo. Glorie!

311 Dan, die werke wat die Heilige Gees vandag doen, deur hierdie visioene wat nooit faal nie, beloftes wat nooit faal nie,

al die apostoliese tekens wat belowe is in die Bybel, van Maleági 4, en, o, die Openbaring 10:7, dit alles word vervul; en bewys deur wetenskaplik, elke ander manier. En as ek julle nie die Waarheid vertel het, sou hierdie dinge nie gebeur het nie. Maar as ek julle die Waarheid vertel het, getuig hulle dat ek julle die Waarheid vertel het. Hy's steeds dieselfde gister, vandag, en vir altyd, en die manifestasie van Sy Gees voer 'n Bruid weg. Laat daardie geloof (openbaring) in julle hart inval, dat "*Hierdie* die uur is."

Laat ons nou bid.

312 Dierbare God, wat gemanifesteer was in die vlees in die persoon van Jesus Christus, wat opgestaan het uit die dood, die derde dag, volgens die Skrifte, en opgevaar het Omhoog, en dissipels uitgestuur het oor die hele wêreld, en gesê het: "Vir hulle wat geglo het sal hierdie tekens volg."

313 God, aan die Pinksterkerk van hierdie dag, die herstel van die gawes; mag, Here, daardie manne, miskien party van hulle teenwoordig hier, party van hulle wat die band om die wêreld hoor, mag hulle besef dat hierdie die uitroep van die Bruid is, nie 'n Pinksterboodskap nie. Die Pinksterboodskap was om die gawes terug te herstel in die Kerk. Maar hierdie is die uitroep van die Bruid, 'n ander Boodskap, wat moes kom net voor Sodom verbrand was. Laat hulle verstaan, dierbare God. Geloof, ek glo U, want Dis geopenbaar deur U Gees, deur die Woord van God en is bevestig en gemanifesteer aan die hele wêreld. Sekerlik, Here, in die minderheid, U groepe is altyd so. Maar U het gesê: "Moenie bevrees wees nie, klein kudde, dis julle Vader se welbehae om julle die Koninkryk te gee."

314 So, ek bid, God, dat mense sal wegkyk van hulle intellek, wegkyk van wat hulle dink reg mag wees, en kyk in die Skrif. En was gisteraand gespreek, laat die mense hier dink soos die koningin gedink het in die dae van die groot vernietiging van Babilon, sy het gesê: "Daar is 'n man onder julle, naamlik 'Daniël,' was in jou vader se koninkryk. Die pinkstervader was in sy koninkryk, en Hy is 'n oplosser van alle twyfel."

315 En nou, Here, laat die Heilige Gees wat in die Pinksterkoninkryk was, die koninkryk wat in Martin Luther s'n was, John Wesley s'n was, en—en aan deur na John Smith en Alexander Campbell, en af deur die eeu. Hy's 'n oplosser, Hy het die gedagtes opgelos. En die—die mense in die dae van Luther, daardie manne: "Die regverdige sou lewe deur die geloof." Die Metodis, Hy het al die twyfel opgelos, dat "Hulle moes—hulle moes geheilig word." En in die dae van die Pinkster, het hulle in tale gepraat, die manifestasies van die Gees deur Goddelike genesing gegee, ensovoorts, het Dit al die twyfel in die pinkster se hart opgelos. Maar, O God, hulle denomineer. Hulle het reguit teruggegaan buitentoe om die

mens se idees te neem. Daarom, nou wanneer die Bruid geroep word soos U belowe het hier in die Skrif, Dit gelees voor die wêreld, aand na aand, en ons hou Dit dop met ons oë. God, mag dit al die twyfel in die mense se hart oplos. Mag hulle vinnig vlug na die oop Seun om ryp te word, om in die skuur ingeneem te word en nie in die stingel gelos te word om te verbrand nie, maar mag hulle na die skuur gaan vanaand. In Jesus Christus se Naam. Amen.

Dankie vir julle aandag. Laat God met julle hart deel.

316 Nou, het julle. . .Ons het gebedskaarte uitgegee. Nou, ons gaan nou omtrent twintig minute neem, vir 'n gebedslyn. Ons wil nou baie gou oplyn, en oor die platvorm kom en bid. En nou, ek weet nie hoeveel kaarte uitgegee is nie. Ek het nooit eens vir Billy een ding gevra nie. Ek het net gesê: "Het jy uitgegee. . .Gaan soontoe en gee 'n paar gebedskaarte uit." En hy het teruggekom en vir my en sy moeder en hulle opgelaai, net 'n rukkie gelede.

317 [Broer Branham praat met Billy Paul oor die gebedskaarte—Red.]

318 Goed, laat ons gebedskaart nommer een hê. As jy dit het, hou jou hand op, sodat ek kan sien. As jy nie kan nie. . .As jy kan opstaan. . .as jy nie kan nie, sal ons jou dra. Gebedskaart nommer een, baie vinnig. Wie het dit? Wat sê jy? A nommer een. (verskoon my) A, nommer. . .Hierdie dame hier, het jy daardie kaart? Kom net hiernatoe, sal jy dame? A, nommer 2. Het jy dit, iemand? Steek jou hand gou op. Net hier, dame, kom. Nommer drie. Het 'n kaart? Het jy 'n kaart? Julle almal. . .Het nie enige kaarte nie? In hierdie. . .in. . .Goed, jy hoef dit nie te hê nie. Drie, vier, vyf. A, een, twee, drie, vier, vyf. Laat ons sien, daar's een, twee, drie, vier, vyf. A. . .Goed, hier hulle. . .Vyf, ses, sewe, agt, nege, tien. Goed, lyn net op, begin net oplyn.

319 Nou, as julle nie kan kom nie, wuif jou hand soos dit sodat hulle jou kan dra. Ek het hierdie mense hier gevra, wat nie kaarte het nie. . .Hoef nie te hê nie, ek vra julle net. Nou kyk, julle—julle kreupel mense hier, ek veronderstel julle moes vroeg kom, want julle net. . .ek het vir hom gesê "vroeg." Nou, julle hoef nie 'n kaart te hê nie, as julle daardie geloof het soos ek geleer het. Sien, as dit geopenbaar is aan jou, goed. As dit nie in jou geopenbaar is nie, maak nie saak of jy in 'n dosyn gebedslyne sou wees nie, dit sou glad nie help nie. Julle weet wat? Glo julle dit? Sien? Ek mag bid, ek doen alles wat ek kon, gaan af op my knieë, en lê hande op julle, salf julle met olie, enige manier wat julle wil, en bid. . .Totdat God, deur genade, dit in jou hart openbaar, dat "Dit verby is," dan is dit klaar. Jy hoef nie eens in daardie lyn te wees, of nêrens nie, dis in elk geval gedoen.

320 Goed, vier. . .Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien, elf, twaalf, dertien, veertien, vyftien. Goed, sestien, sewentien, agtien, negentien, twintig. Is enigiemand wat ek geroep het wat 'n kaart het en nie kan opstaan nie? Steek jou hand op, het 'n kaart en kan nie opstaan nie. Goed.

. . .glo net,

Ek kan arme, klein ou Anna Jean sien sit, dit heelnag speel, amper, partykeer. Ek wil almal baie stil en eerbiedig hierbinne hê.

. . .glo net;

Nou, gebedskaarte een tot vyftien, reken ek was dit.

. . .glo net,

Hulle raak 'n bietjie gebondel hier, so laat ons—laat ons net begin. Wat sê jy?

. . .moontlik. . .

321 Een, twee, drie, vier, vyf, ses, sewe, agt, nege, tien nou word julle te veel, dis meer as wat ons geroep het. Dis in die haak. Staan stil, net waar julle is. Moenie enigiemand. . . net. . .julle sal raak. . .julle sal voor gebid word, maar net. . . Sien, wag net totdat hulle jou nommer roep en dan, julle weet, het julle nie te veel wat hier staan nie. As die Here iets sou doen, sal julle dit verblind vir die mense en hulle kan dit nie sien nie, julle sien. God seën julle.

Nou laat ons bid vir hierdie sakdoeke, terwyl hulle gereed maak:

322 Dierbare God, hier is sakdoeke wat hier lê wat kom van die siekes en beproefdes. Hierdie geloof waarvan ons pas gepraat het, Here; ek onthou dat U gesê het, in die Bybel, in die Boek van Judas: "Stry kragtig vir die geloof wat eenmaal oorgelewer is aan die heiliges." En van die liggame van die heiliges het hulle sakdoeke geneem, nie omdat hulle spesiale mense was nie, maar omdat hulle gelowige mense was. Hulle was manne met dieselfde begeertes net soos ons is. Hulle het gesê: "Elía" was so en hy het "ernstig gebid dat dit nie moes reën nie." En, God, hy het *dit* gebid sodat die mense sou bekeer. U het dit aan hom geopenbaar om vir hulle te bid, om op daardie manier te bid om U Woord te vervul. Sonder twyfel het U die profeet 'n visioen gewys. En, Here, vanaand bid ek vir hierdie mense om genees te word. Ek is nie Elía nie, hy is opgeneem in die Hemel, maar sy Lewe en Gees lewe steeds voort. So ons bid, dierbare God, dat U die gebed van U mense sal eerbiedig. En eerbiedig ons almal nou soos ons bid vir hierdie sakdoeke, dat wanneer hulle gelê word op die siekes, hulle sal gesond word.

323 Ons besef, Vader, dat ons 'n—'n sterwende geslag van mense is. Ons is oppad. . .moet Ewigheid trotseer—trotseer. Die wêreld het mal geword. Moorde; klein dogtertjies in stukke gesny en

gemolesteer. Die mense, mans wat hulle hare dra soos vroue, vroue soos mans, hulle verdraai net. Die ras is sterwend. Die wêreld is sterwend. Alles is sterwend. Die kerk is sterwend.

324 O God, bring Lewe. Bring Lewe, O God, Lewe van geloof. Openbaar aan hierdie mense, Here. Ek kan net bid en my hande op hulle lê. Maar U is die Een wat hulle kan genees. En U alleen kan hulle genees. Ek bid dat U sal, Vader, aan een en elkeen. Skenk dit, met my hande op hulle, en vra met my hele hart; in die Naam van Jesus Christus, genees hierdie mense. Amen.

325 Nou, is hierdie mikrofoon aan, broer? Nou kan julle dit goed hoor? Almal dit gehoor? Steek julle hand op. Nou, iemand was op my hart, na hierdie mense gegaan, hier gesit in hierdie—hierdie stoel, beddens en draagbare . . . hulle "Kry nie eens 'n gebedskaart nie." Sien? Maar, kyk, broer, kyk, hierdie mense het gebedskaarte, maar dit beteken nie hulle gaan genees word nie. Daar's mense wat buite in die gehoor sit, miskien . . . Dit—dit—dit beteken nie hulle—hulle—hulle gaan genees word nie. Dit—dit sê nie dat—dat hulle sal of nie sal genees word nie. Dit hang alles af van hulle geloof in God. Hoeveel weet dat dit waar is? Dis al, net julle geloof in God. Nou, hoeveel weet dat dit waar is? Maak nie saak hoe godsdienstig jy is, hoe goed of hoe sleg jy is nie, as die genade van God dit nie in jou hart laat val nie, sal jy nooit gesond word nie. Nou, hoeveel weet dat God dit gedoen het, dit die heeltyd gedoen het, groot wonderwerke, tekens en wonders? En nou, julle kom vanaand, staan in hierdie lyn, nie omdat julle gekies is deur God om in hierdie lyn te staan nie, dis nie dit nie; julle het net 'n gebedskaart gekry, dit gebeur dat dit by julle was . . . [Leë kol op band—Red.]

326 Prosedure is net soos my eerbare Broer Gerholtzer hier, sy bediening baie jare gelede begin het. [Leë kol op band—Red.] . . . met geloof in God, God geglo het, geglo het dat God die siekes deur geloof genees. En dit het nooit verander nie, maar God het in hierdie laaste dae bygevoeg, gawes, gawes wat Hy beloof het. God het dit gedoen om . . . nie omdat Hy moes nie, maar omdat Hy belowe het om dit te doen. En as Hy belowe het, dan moet Hy dit doen; want Hy moet Sy Woord hou.

327 En Hy het julle dieselfde ding belowe, dit is: "As julle dit sou glo, sou dit gebeur." As julle Dit nie kan glo nie, sal dit net nie gebeur nie. Nou, ek kan julle nie laat glo nie, nog minder kan julle julleself laat glo. God moet dit vir julle gee. Dis 'n gawe van God, om te glo. Nie julle geloof nie, God se geloof. Julle intellektuele geloof mag dit reg glo, maar as die geloof van God nie onder in jou hart is nie . . . Sien, julle intellektuele geloof kan aanvaar, om dit te doen. En hou net aan glo met jou hele hart totdat God dit aan jou openbaar. Sien? Hou net aan glo totdat God dit openbaar. Maar totdat Hy dit openbaar . . .

328 Julle sê: "Broer Branham, wat sê jy daar?"

329 "Ja, meneer!" God het 'n profeet gestuur bo na Hiskia en vir hom gesê: "'Jy sal nie van daardie bed af opstaan nie,' SO SPREEK DIE HERE. Jy gaan sterf daar op daardie bed.'" Dit reg?

330 Maar daardie profeet het gedraai. . . of daardie koning het sy gesig gedraai na die muur, en uitgeroep in bitter trane, en gesê: "Here, ek het nog vyftien jaar nodig. Ek pleit by U om my te hoor, Here." Nou, die koning was die grootste man in die wêreld, in politiek; maar die profeet was, in God se oë. Dit was God se koning; maar dit was God se profeet. So, God openbaar aan die profeet om te neem 'n paar. . . 'n paar te kook. . . [Leë kol op band—Red.] Julle weet? Verstaan?

331 Nou, dat julle nou mag verstaan, want ek het die Skrifte hier gepreek: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees met die koms van die Seun van die mens." In die dae wat die kerk geopenbaar word? Nee! "In die dae wat die Seun van die mens geopenbaar word." Wat is *geopenbaar*? Bekend gemaak! Dit reg? Openbaar! Die dae wat die Seun van die mens geopenbaar word, dit sal 'n dag wees soos Sodom en Gommora. Is dit reg?

332 Nou, kyk wat gebeur het. Hulle het twee hoofboodskappers gehad, daaronder in Sodom en Gommora, want daar was 'n klomp louwarm Christene daaronder. Is dit reg? En hulle het twee hoofboodskappers gehad (luister nou aandagtig) onder in Sodom en Gommora, aan die preek. Maar een van hulle wat hierbuite gestaan het saam met Abraham se groep. Dit reg?

333 Nou kyk! Ons het nooit, in die hele geskiedenis van die kerk, ooit 'n universele boodskapper gehad aan die kerk, wat se naam geëindig het in h–a–m, tot nou nie: G–r–a–h–a–m, wat ses letters is, G–r–a–h–a–m. Maar Abraham se naam is gespel: A–b–r–a–h–a–m, sewe letters. Sien? So die universele kerk, wat die letter van die mens is (ses, mensgemaakte organisasie) het klaar hulle boodskapper ontvang. Hulle het 'n Sankey, Moody, Finney, Knox, Calvin, ensovoorts, gehad, maar nooit 'n "h–a–m" nie. Is dit reg? Maar hulle het dit, en hy's 'n boodskapper, gestuur van God, en hy slaan daardie mure so hard as wat hy kan: "Kom hier uit! Bekeer of vergaan!"

334 Maar onthou, die Uitverkorenes, voorbestemde, verordineerde verbond, Abraham en sy groep het ook 'n boodskapper gekry. Uh–huh. Kyk wat Hy gedoen het. Hy het vir hulle 'n teken gegee dat die tyd naby was vir die vuur om te val. Nou, dis nou vuur waarna ons soek, atoomvuur, die toorn van God.

335 Nou, daardie Boodskapper het iets gedoen. Hy het gepraat van 'n vrou wat Hy Sy rug op gedraai gehad het, en Hy het vir haar vertel—en vir haar vertel sy het getwyfel wat Hy vir haar

gesê het, haar haar toestande vertel en wat sou gebeur. Is dit reg? Het Hy gesê dat die Seun van die mens Homself dieselfde sou openbaar in daardie dag? Wel, glo julle dat dit die Waarheid is?

Wel, hier staan 'n vrou . . .

336 En in die onsigbare eenwording van die Kerk, die Bruid aan Christus, daardie Boodskapper is nou hier, wat Jesus Christus is, dieselfde gister, vandag, en vir altyd.

337 Nou, Hy spreek slegs deur Sy profete. Die Bybel het so gesê! "Hy doen nooit enigiets, maar eers maak Hy dit bekend aan Sy profete," Amos 3:7. Hy het dit altyd gedoen. Hy verander nooit Sy patroon nie. Sien? En die profeet kan slegs spreek as hy waar is wat God vir hom sê. Is dit reg? Dis waar.

338 Nou, glo julle Hy kon vir my sê wat die probleem met hierdie vrou is, voor ek selfs na haar gekyk het? Glo julle dit? Wel, sy ly aan kanker. Dis reg. Dis op haar bors. Sy het 'n seun, op haar gedagte, hy ly aan soort van 'n verstandelike toestand, senuwee—toestand en komplikasies. Dis reg. Glo julle dit? En dis waar, is dit nie? Glo jy nou dat jou geloof dit gesê het, geanker het, dat jy dit het, jy dit gaan hê? Gaan dan, en die Here Jesus sal jou gesond maak. Sien? Sien? Glo jy? Met jou hele hart?

339 Nou, glo julle, sonder om na hierdie vrou te kyk, die Here Jesus my kan vertel wat haar probleem is? Hoeveel glo dit? Nou, julle weet . . . en ek het nooit eens . . . ek . . . enigste ding, ek het net 'n romp gesien. Ek weet nie, kon julle nie sê of dit 'n man of vrou is nie; maar staan net daar. Ek wil hê sy moet glo. Glo jy, dame? Hier, die pasiënt, glo jy? Steek jou hand op as jy glo. As jy met jou hele hart glo, kan jy daardie baba kry wat jy God voor vra. Sien? Sien? Glo jy? Het jy geloof in God? Nou, dit genees nie, dit identifiseer net. Dis die werke wat die geloof van die Teenwoordigheid van God identifiseer, Sy Woord gemanifesteer.

340 Hierdie vrou wil ook 'n groot ding hê. Dis nie 'n baba nie, maar sy wil die Doop van die Heilige Gees hê. Ek sê jou wat om te doen. As jy ontslae sal raak van daardie sigarette, sal God jou die Doop van die Heilige Gees gee. Gaan, glo Dit, sien. Glo julle? Het julle geloof in God?

341 Hierdie man wat hier staan, is 'n man wat ek nooit in my lewe gesien het nie. Ek ken hom nie, maar hy ly met iets verkeerd in sy bors. Hy het 'n val gehad wat dit gedoen het, nie lank gelede nie. Hy is nie van hier nie, hy kom van Arkansas. Hy's 'n prediker. Gaan huis toe en preek die Evangelie. Sien? Sien? Sien? Ek het nooit die man in sy gesig gesien nie.

342 Daar is 'n vrou wat hier staan, ek ken nie die vrou nie, haar nooit in my lewe gesien nie. God ken haar.

343 As Hy kan openbaar wat haar probleem is, of iets daaroor, sou julle glo? Almal van julle? Hierdie is slegs 'n werk wat die geloof identifiseer wat ek het om vir julle te preek waarvan ek julle vertel het, vanaand. Dis wat God geopenbaar het, en hierdie is die werke wat Dit bewys. Nou, jy moet geloof hê om gesond te kan word.

344 Hierdie vrou hier, ek dink nie—ek dink nie ek ken haar nie. Ja, ek ken haar nie, maar ek ken iemand wat sy ken, want ek sien hom hier voor my staan. Sy ly aan 'n hoofpyn. Is dit nie reg nie, dame? Glo jy dat God jou sal genees? Pearry Green se suster. Dis reg, en ek het haar nooit in my lewe gesien nie. Dis reg. Ek het Pearry Green hier sien staan, wat na my kyk, wat *so* maak. Dis reg. Ek weet nie waar Pearry Green is nie. Glo jy? Hoeveel glo jy? As jy kan glo, is alle dinge moontlik. As jy nie kan glo nie, kan niks gebeur nie.

345 Daardie klein dametjie met grys hare, wat daar sit en na my kyk, net hier, glo jy God? Glo jy dat God aan my kan openbaar waaraan jy daar dink? Jy het 'n gewas op die bors. Glo jy God kan dit wegneem vir jou? Ja. Hê geloof en glo. Nou, wat het sy aangeraak?

346 Die vrou wat die soom van Sy kleed aangeraak het, die Bybel het gesê. . .Julle wat die Bybel wil kry, Hy het gesê: "Hy's 'n Hoëpriester wat aangeraak kan word deur die gevoel van ons swakhede." Is dit nie reg nie? Hy's daardie Hoëpriester en Hy staan net hier, nou raak mense Hom aan.

347 Daar's 'n klein, maer vroutjie, wat haar hand opgesteek het, wat net hier sit. Ek het haar nooit in my lewe gesien nie, maar sy het net toe iets aangeraak. Hier is wat dit was. Sy bid tot God. Sy het 'n probleem in haar bors, sy het ook 'n maagprobleem. God genees jou, as jy Dit sal glo. Jy moet glo. "Alle dinge is moontlik, vir hulle wat glo."

348 Daar is 'n man wat ver daaragter aan die agterkant sit, wat hiernatoe kyk (omtrent die tweede ry, van hierdie kant af), wat ly aan asma. Glo jy dat God jou sal genees, meneer? As jy Dit glo, sal God jou genees. Jy kan kry waarvoor jy vra, as jy Dit glo.

349 Daar's 'n vrou wat net hier sit, na my kyk, hier oorkant, grys hare. As jy glo met jou hele hart. . .Glo jy Dit? Goed, daardie galblaasprobleem sal jou dan verlaat, as jy Dit glo.

350 Wat dink jy Daarvan, wat hier lê op die bed? Glo jy dat God jou kan genees? As God vir my jou probleem kan sê, sal jy Hom glo? As jy sal glo, sal daardie kanker jou verlaat en jy sal gesond word. Hoekom staan jy nie op, en neem jou bed op, en gaan huis toe nie? Glo jy? Sal almal van julle glo? Wel, nou, wat van nou? Het God daardie geloof in julle hart laat val? Almal hierbinne, steek julle hand op. As God daardie geloof in julle hart laat val het, laat ons ons hande op mekaar lê, regaf

met hierdie lyn hier. Sit julle hand op. . .Reg nou, vinnig, terwyl die Heilige Gees beweeg, sit julle hande op mekaar. Die man is op, hardloop af in die lyn, bid vir andere.

351 Laat ons op ons voete staan en God prys, almal. Dis nie nodig om enigsins verder te gaan nie. Identifiseer Jesus Christus, dieselfde gister, vandag en vir altyd; julle, wat julle beproewings is, wat ook al dit is. As julle Hom glo, staan op julle voete, nou, en glo.

352 Almagtige God, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, stuur U krag voort en genees hierdie groep mense net nou, in Jesus Christus se Naam. Amen.

Glorie aan God! God seën julle.

*WERKE IS DIE UITDRUKKING VAN GELOOF* AFR65-1126
(Works Is Faith Expressed)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Vrydagaand, 26 November, 1965, by die Life Tabernakel, in Shreveport, Louisiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2008 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org